



**Wes-Kaapse
Regering**

Kultuursake & Sport



Jaarverslag 2010/2011
Departement van Kultuursake en Sport

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT

Jaarverslag

2010/11

Dr. I H Meyer
Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning

Dit is my voorreg om die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport vir die tydperk 1 April 2010 tot 31 Maart 2011 voor te lê.



BRENT WALTERS
30 Augustus 2011

PR181/2011
ISBN: 978-0-621-40200-1

INHOUDSOPGAWE

1 : ALGEMENE INLIGTING

	Bladsy	
1.1	Visie, Missie en Waardes	5
1.2	Organisasiestruktuur	5
1.3	Wetgewende Mandaat	6
1.4	Entiteite wat aan die Provinsiale Minister rapporteer	8
1.5	Verklaring deur Provinsiale Minister	8
1.6	Rekenpligtige Beampte se Oorsig	10

2 : INLIGTING OOR VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE

2.1	Algehele Prestasie	11
2.1.1	Fondse Bewillig	11
2.1.2	Doel van die Begrotingspos	11
2.1.3	Opsomming van Programme	11
2.1.4	Sleutelstrategiese Doelwitte en Prestasies	14
2.1.5	Oorsig van die Diensleweringomgewing vir 2010/2011	26
2.1.6	Oorsig van die Organisasie-omgewing vir 2010/2011	27
2.1.7	Sleutelbeleidontwikkelings en Wetgewende Veranderinge	29
2.1.8	Departementele Inkomste	30
2.1.9	Departementele Uitgawes	30
2.1.10	Oordragbetalings	30
2.1.11	Voorwaardelike Toekennings	38
2.2	Programprestasie	44
	Program 1: Administrasie	44
	Program 2: Kultuursake	46
	Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	52
	Program 4: Sport en Ontspanning	55

3 : FINANSIËLE JAARSTATE

	Verlag van die Ouditkomitee	60
	Verlag van die Rekenpligtige Beampte	63
	Verlag van die Ouditeur-generaal	70
	Toewysingsrekening	73
	Aantekeninge by die Toewysingsrekening	84
	Staat van Finansiële Prestasie	86
	Staat van Finansiële Posisie	87
	Staat van Veranderinge in Netto Bates	88

Kontantvloeistaat	89
Rekeningpligtige Beleide	90
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate	98
Openbaarmakingsaantekeninge by die Finansiële Jaarstate	109
Aanhangsels (Ongeouditeerde Aanvullende Skedules)	119

4 : MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR **131**

5 : ANDER INLIGTING

Akronieme	168
Lys met kontakbesonderhede	170

1 : ALGEMENE INLIGTING

1.1 Visie, Missie en Waardes

Visie

'n Maatskaplik geïntegreerde, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap.


Missie

Ons bevorder uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur deur doelmatige, geskikte en volhoubare aanwending van ons hulpbronne, en deur kreatiewe vennootskappe met ander. In die strewe na uitmuntendheid, sal ons die toestande skep vir toeganklikheid en massadeelname, identifisering van talent en vaardigheidsontwikkeling.

Waardes

Aanspreeklikheid, Integriteit, Vaardigheid, Sorgsaamheid, empatiese ingesteldheid.

1.2 Organisatoriese struktuur



1.3 Wetgewende Mandaat

Die Departement van Kultuursake en Sport beskou die Wetgewende Mandaat waarop sy algehele funksionering gegrond is, as bindend, naamlik doelmatige, billike en toeganklike dienslewering gegrond op die regering se Witskrif oor die Transformasie van Openbare Dienslewering, wat as die "Batho Pele-inisiatief" bekend staan.

Die Departement funksioneer aan die hand van die volgende wetgewende en beleidsmandate:

WETGEWING

Nasionale Wetgewing: Algemeen

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Wet 108 van 1996
Wet op die Verdeling van Inkomste, 2009	Wet 12 van 2009
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999
Staatsdienswysigingswet, 2007,	Wet 30 van 2007

Nasionale Wetgewing: Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste

Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998
Wet op Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983
Wet op Kulturele Instellings (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddienste van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995 (artikel 8(a))
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999

Nasionale Wetgewing: Sport

Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998
---	------------------

Provinsiale Wetgewing: Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste

Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998
Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies 2002	PN 336 van 25 Oktober 2002
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PN 298 van 29 Augustus 2003

Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005

Wet 3 van 2005

Provinsiale Wetgewing: Sport

Geen

Ordonnansies

Museumordonnansie, 1975

Ordonnansie 8 van 1975

Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren
(Tulbagh) Ordonnansie, 1979

Ordonnansie 11 van 1979

Provinsiale Biblioteekdiensordonnansie, 1981

Ordonnansie 16 van 1981

Beleidsrigtings

Nasionale Beleidsrigtings:

Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)

Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuursbeleidhandleiding 2007)

Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels
en Vereistes (2006)

Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning

Wes-Kaapse Skolesportbeleid (2002)

Regeringswyse Moniterings- en Evalueringsbeleidraamwerk

Groenskrif oor Monitering en Evaluering van Prestasiebestuur

Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die Opstel van 'n
M&E-raamwerk

Provinsiale Beleidsrigtings:

Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiensbeleid

Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer as PN 369/2001 in die *Provinsiale
Staatskoerant* van 27 November 2001)

Wes-Kaapse Reënboogskrif 2001

Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)

Konsepbeleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese
Verskynsels (2007)

Provinsiewye Monitering- en Evalueringsstelselstrategie (konsep)

Konsep Wes-Kaapse Kultuurbeleid (Konsep)

Konsep Sportbefondsingsbeleid (2010)

1.4 Entiteite wat aan die Provinsiale Minister rapporteer

Onderstaande entiteite rapporteer aan die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning:

Naam van entiteit	Wetgewing	Aard van bedrywighede
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is wetlik verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade. Die Provinsiale Minister vereis ook dat hulle toesig sal hou oor die bestuur van sekere kultuurfasiliteite wat die Provinsiale Minister onder hul beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1988)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee is verantwoordelik vir die opstel van 'n provinsiale taalbeleid, om daardie beleid te moniteer en evalueer, om daarvoor verslag te doen aan die Provinsiale Minister en om advies daarvoor te gee aan ander lede van die Wes-Kaapse Kabinet en provinsiale departemente en instellings.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, (Wet 25 van 1999)	As die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne vir die Wes-Kaap, het Erfenis Wes-Kaap bepaalde wetlike verantwoordelikhede.

1.5 Provinsiale Minister se Verklaring

Dis my voorregom die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport voor te lê nadat ek gedurende die oorsigtydperk die portefeulje van mnr. Sakkie Jenner, die vorige Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning in die Wes-Kaap, oorgeneem het. Die Verslag sal aandui hoe die Departement dit kon regkry om met die beperkte hulpbronne tot sy beskikking betekenisvolle prestasies te behaal. Dit sal ook aandui hoe die Departement dit reggekry het om as 'n sleutelstukrag in die gemeenskappe van die Wes-Kaap hulle meer maatskaplik geïntegreerd, kreatief en aktief te maak.

Die oorsigjaar sal veral onthou word vir Suid-Afrika se geslaagde aanbieding van die 2010-FIFA-Wêreldbeker en die vennootskappe wat tydens die toernooi as 'n blywende nalatenskap vir die Wes-Kaap gevorm is. Die totstandbrenging van 98 sportgebaseerde Massa- Geleentheid en Ontwikkelingsentrums (MGO's) was ook 'n grootse prestasie. Hierdie program is die middel waardeur die Departement die lewens van duisende skoolgaande kinders kan bereik deur hulle aan sport- en ontspanningsprogramme en talent-identifiseringsgeleenthede bloot te stel, om sodoende terselfdertyd anti-sosiale gedrag te voorkom deur ons provinsie se mees kwesbare jeug na skool tussen 14:00 en 18:00 besig te hou. Gegrand op die sukses van die MGO-sportsentrums, het die Departement ook vyf kuns- en kulturgebaseerde MGO-sentrums geopen om aan leerders geleentheid vir dans, musiek en kultuuraktiwiteite te bied.

Deur sy strategiese stukrag kan die Departement die lewens van alle Suid-Afrikaners beïnvloed, nie slegs van diegene in die Wes-Kaap nie. Dit het getoon dat dit die vermoë het om doelgeoriënteerd en uitkomsgebaseerd te wees, nie rigied nie, maar aanpasbaar met verandering, terwyl dit terselfdertyd regeringspraktyke nakom.

Oor die afgelope finansiële jaar het ek die museums waarvoor hierdie Departement verantwoordelik is, besoek, en ek is gelukkig met die werk wat hierdie waardevolle instellings doen om ons erfenis te vier en 'n veilige heenkome te bied vir almal om ons geskiedenis te ontdek en in herinnering te roep.

Dit was ook met groot genoeë dat ek gedurende die jaar verskeie biblioteke geopen het en lede van die publiek aangemoedig het om boeke aan hul plaaslike biblioteke te skenk. Die reaksie was so oorweldigend dat een biblioteek nie meer rakspasie oorgehad het nie en die oortollige boeke aan ander instellings geskenk het.

Die geleentheid waarin die funksies van die Departement uitgebeeld word, het hul hoogtepunt bereik met die aanbieding van die Wes-Kaapse Kuns-, Kultuur-, Erfenis-, Museum-, Biblioteek- en Argieftoekennings, die Sportlegendetoekennings en die Wes-Kaapse Sporttoekennings. Hierdie toekenningsgeleentheid het aan almal in die Provinsie wat poog om deur sport, kuns en kultuur, die Wes-Kaap 'n beter plek te maak, erkenning verleen. Of dit op 'n deeltydse of voltydse, amateur- en professionele grondslag is, sou die Departement sonder hierdie vennote eenvoudig nie doeltreffend kon wees nie. Hiervoor wil ek graag my opregte dank uitspreek aan almal wat meegewerk het om ons prestasies moontlik te maak.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Regering is daartoe verbind om 'n samelewing met ope geleentheid te skep. Gedurende die oorsigjaar het die Departement vele geleentheid vir die burgers van die Wes-Kaap geskep.

Hiermee dra ek my waardering oor aan die Premier en kollegas in die Kabinet vir hul leierskap en ondersteuning, die Portefeuljekomitee vir Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport, ons belanghebbendes, sowel as vennote in die burgerlike samelewing, die Regering en plaaslike owerhede wat ons daartoe in staat gestel het om sukses te behaal. Ek wil ook die Departement se senior bestuur en beamptes bedank vir hul volgehoue ondersteuning en toewyding in die strewe na dienslewering aan die Wes-Kaap se mense.



DR. I H MEYER
PROVINSIALE MINISTER: KULTUURSAKE, SPORT EN ONTSPANNING

1.6 Rekenpligtige Beampte se Oorsig

Dit is my voorreg om hierdie Jaarverslag vir die Departement van Kultuursake en Sport voor te lê. Vir die oorsigtydperk kon die Departement sy mandaat binne die paradigma van 'n krimpende fiskale geldvoorraaduitvoer. Die oorsigjaar sal ook altyd geassosieer word met die geslaagde aanbieding van die 2010-FIFA-Wêreldbekertoernooi. Die belangrikste aktiwiteite wat in hierdie verband aangepak is, was die verskeie projekte en programme wat die Departement aangebied het om te verseker dat die mense van die Wes-Kaap inderdaad die "Wêreldbeker aangeraak het." Van straatvoetbal tot aftelhorlosies, skoolkompetisies tot vyf-in-'n-span-sokker en vrywilligeropleiding tot *Fanjols* – alles het daartoe bygedra om gewone burgers te laat deel in hierdie globale gebeurtenis.

In baie opsigte, soos bestuurspraktyke, aanspreeklikheid en bestedingspatrone, het die Departement die toon aangegee bo ons ampsgenote in ander provinsies.

In die oorsigjaar is die senior bestuurspan volledig tot stand gebring en, na goedkeuring van die makrostruktuur, vir hul taak toegerus. Dit is duidelik dat die Departement as 'n doeltreffende eenheid funksioneer, met 'n personeelgroep wat toegewyd en gemotiveerd is om die Wes-Kaap deur dienslewering maatskaplik geïntegreerd, kreatief en aktief te maak.

Die strategiese doelwitte wat gedurende die 2010/2011-jaar aan die Departement dryfkrag verskaf het, was die volgende:

- om 'n doeltreffende, doelmatige en ekonomiese administratiewe diens te lewer;
- om alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap te bevorder, ontwikkel en transformeer om by te dra tot nasiebou, goeie regering, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal en geleenthede vir volhoubare ekonomiese groei;
- om volhoubare biblioteek-, en argiefdienste te ontwikkel, transformeer en bevorder;
- om maatskaplik geïntegreerde sport- en ontspanningstrukture en –aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.

Die Jaarverslag vir die oorsigtydperk bevat gedetailleerde inligting oor die Departement se prestasies en aktiwiteite, maar ek wil graag die volgende beklemtoon:

- Die insette om die 2010-FIFA-Wêreldbeker na die mense van die Wes-Kaap te bring.
- Die implementering van die Massa-Geleentheid en Ontwikkelingsentrums (MGO's) wat dit vir die jeug moontlik maak om ná gewone skoolure aan sport- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
- Die verdere uitbreiding van die biblioteek-toeganklikheidsprojek na plattelandse gemeenskappe in die Wes-Kaap.
- Verhoging van die reikwydte van die *Boekewa*-projek om toegang tot biblioteke aan plattelandse gebiede te bied waar die infrastruktuur nie 'n volhoubare vaste diens vergemoontlik nie.
- Stroombelyning van die befondsingsproses vir kultuurorganisasies en sportfederasies.
- Die voortgehoue strewe om verbeterde dienslewering te verseker binne die konteks van goeie bestuur en 'n krimpende fiskale geldvoorraad.

Ten slotte, weerspieël hierdie Jaarverslag die Departement van Kultuursake en Sport se vermoë om dienste met sorg, bevoegdheid, integriteit en aanspreeklikheid te lewer as antwoord op die behoeftes van ons burgers.

Dankie aan alle rolspelers, belanghebbendes en belangstellende groepe wat gehelp het om dit moontlik te maak.



MNR. BRENT WALTERS
DEPARTEMENTSHOOF
DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT

2 : INLIGTING OOR VOORAFBEPAALED DOELWITTE

2.1 Algehele Prestasie

2.1.1 Fondse Bewillig R'000

Hoofbegroting	Aangepaste begroting	Bedrag werklik bestee	Oor-/Onderbesteding
289 241	294 704	294 023	681
Verantwoordelike Provinsiale Minister	Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning		
Administrerende Departement	Departement van Kultuursake en Sport		
Rekenpligtige Beampte	Departementshoof van Kultuursake en Sport		

2.1.2 Doel van die Begrotingspos

Die doel van die begrotingspos is om aktiewe deelname aan kultuur en sport te bevorder terwyl talent en uitmuntendheid sodoende ontwikkel word om die kreatiewe en welstandsekonomieë van die Wes-Kaap te versterk.

2.1.3 Opsomming van Programme

Program 1: Administrasie

Oogmerk: Om strategiese korporatiewe dienste aan die Departement van Kultuursake en Sport, insluitende die openbare entiteite, te lewer.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Kantoor van die Provinsiale Minister

Oogmerk: Om bestuurs- en administratiewe, sowel as kliëntsteundienste, aan die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning te voorsien.

Korporatiewe Dienste

Oogmerk: Om 'n betroubare finansiële bestuursdiens aan die Departement en openbare entiteite te voorsien, insluitende 'n Rekeningpligtige, begrotingsbestuur- en voorraadkettingbestuursdiens.

Bestuursdienste

Oogmerk: Om oorhoofse provinsiale hoofkantoorbestuurs- en administratiewe dienste aan die Departement te voorsien, insluitende die volgende funksionele areas:

- Algemene steundienste (registrasiekantoor, bodedienste en vervoerdienste)
- Interne en eksterne kommunikasie- en bemerkingsdienste vir die Departement
- 'n Doeltreffende strategiese beplanningsdiens

- Navorsing-, moniterings- en evalueringsdienste ten opsigte van departementele programme en doelwitte.
- Kliënteverhoudingsondersteuning.

Program 2: Kultuursake

Oogmerk: Om die kunste, kultuur, museums en taaldienste te bevorder, ontwikkel, bestuur en transformeer en om die identifisering en bewaring van die kulturele en historiese hulpbronne van die Wes-Kaap te bestuur tot voordeel van huidige en toekomstige generasies deur 'n verskeidenheid dienste te lewer, soos deur toepaslike wetgewing vereis en bepaal.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Bestuur

Oogmerk: Om strategiese bestuursondersteuning aan Kultuursake te voorsien.

Kuns en Kultuur

Oogmerk: Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die totstandbrenging van doeltreffende en lewensdriftige kuns- en kultuurstrukture, aktiwiteite en omgewings en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en te help.

Museum- en Erfenishulpbrondienste

Oogmerk: Om erfenis deur museumdienste en instellings te bevorder en bewaar, om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis, en om erfenishulpbronbestuur te ondersteun deur die toepassing van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 en die Wet op Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne, 1999.

Taaldienste

Oogmerk: Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder in die strewende daarna om trots en begrip onder ons mense op te bou, om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel, om die toepassing en monitering van die Taalbeleid te fasiliteer en om die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) te ondersteun.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Oogmerk: Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te voorsien.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Bestuur

Oogmerk: Om strategiese bestuur en ondersteuning aan Biblioteek- en Argiefdienste te voorsien.

Biblioteekdienste

Oogmerk: Om biblioteek- en inligtingsdienste in ooreenstemming met tersaaklike wetgewing en grondwetlike mandate te voorsien.

Argiewe

Oogmerk: Om argief- en rekordbestuurdienste te voorsien.

Program 4: Sport en Ontspanning

Oogmerk: Om sport en ontspanning te bevorder wat sal bydra tot die versoening en ontwikkeling van Wes-Kaapse gemeenskappe deur die voorsiening van billike, toeganklike en bekostigbare geriewe, programme en dienste. Dié inisiatiewe sluit in ingrypings om 'n gesonde lewenstyl te bevorder en skoolsport te ontwikkel deur massadeelname te verseker. Dit sal ook die identifisering en verdere ontwikkeling van talent bevorder, die behoorlike administrasie van skoolsport bevorder, en die aanbod van belangrike geleenthede bevorder en fasiliteer, met spesiale klem op die skep en handhawing van 'n nalatenskap in kultuur- en sportuitmuntendheid .

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Bestuur

Oogmerk: Om strategiese ondersteuning te bied aan die sport- en ontspanningkomponent.

Sport

Oogmerk: Om sport en ontspanning wat sal bydra tot versoening en ontwikkeling van Wes-Kaapse gemeenskappe te bevorder deur die daarstelling van billike, toeganklike en bekostigbare geriewe, programme en dienste. Van dié inisiatiewe sluit ingrypings in om 'n gesonde lewenstyl te bevorder en skoolsport te ontwikkel deur massadeelname en die verdere ontwikkeling van talent te verseker.

Ontspanning

Oogmerk: Om hulp te verleen met die bevordering van ontspanning, aangepaste aktiwiteite en sport. Tweedens, om ontspanningsgebaseerde organisasies te skep wat sal bydra tot 'n gesonde lewenstyl, lewenslange aktiwiteit en verhoogde vlakke van aktiewe deelname in en deur alle gemeenskappe in die Wes-Kaap. Meer spesifiek, om toegang tot verdere geleenthede te help skep in of deur ontspanning, byvoorbeeld toegang tot sport- of ontspanningsaktiwiteite en hoër vlakke van deelname in sport en/of beweging deur talentidentifiseringsprosesse en onderwysgebaseerde beroeps- en werkgeleenthede.

Skoolsport

Oogmerk: Om toegang tot en geleenthede in sport vir skole en hul leerders te skep deur 'n bemagtigende omgewing te kweek. Tweedens, om die daarstelling van vennootskappe te skep en/of te fasiliteer en om bystand te verleen met die verskaffing van hulpbronne en infrastruktuur. Die bereiking van hierdie doelwitte sal massadeelname, liga- en toernooikompetiesies, hoër vlakke van deelname, sowel as geleenthede vir identifisering van talent deur middel van wedstryde, feesgeleenthede, toernooie en afrigtingskampe vir alle skoolgaande leerders fasiliteer. Daarby sal maatskaplike bewustheidsboodskappe , soos anti-misdaadsprogramme en anti-dwelmbewustheidsprogramme op alle skoolsportaktiwiteite 'n impak hê.

2010-Wêreldbeker-eenheid

Oogmerk: Om 'n geskiktemilieu te skep vir die suksesvolle aanbieding van die 2010-FIFA-Wêreldbeker.

2.1.4 Kernstrategiese Doelwitte en Prestasies

STRATEGIESE DOELWITTE

- Om 'n geskikte en doeltreffende administratiewe diens aan die Departement, insluitende sy openbare entiteite, te lewer en te bestuur.
- Om sekretariële, logistieke, administratiewe/kantoorondersteuning te lewer, sowel as steun met parlementêre skakeling.
- Om 'n doeltreffende Finansiële Bestuurverbeteringsplan (FBVP) te vestig.
- Om 'n ten volle doeltreffende finansiële Rekeningpligtige funksie aan die Departement van Kultuursake en Sport te lewer.
- Om die finansiële bestuursvermoë ten opsigte van voorsieningsketteringbestuur (VKB) tot Vlak 3 te verhoog.
- Om strategieë binne die Departement te bestuur en hulle in beleidsrigtings en prioriteite te omskep.
- Om kunsdissiplines tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder.
- Om doeltreffende en doelmatige professionele en administratiewe ondersteuning te verleen aan 31 openbare entiteite en staatsliggame onder die Departement se toesig hou en om die uitsette van hierdie instellings te monitor en te evalueer.
- Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te bespoedig om deur die geaffilieerde museumdienste en erfenisinstellings verskeie dienste te verskaf wat die erfenis van die Wes-Kaap bewaar, ontwikkel en bevorder.
- Om veeltaligheid te bevorder, vorige taalwanbalanse reg te stel, voorheen gemarginaliseerde tale, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal, in die Wes-Kaap te bevorder.
- Om aktiwiteite wat tot nasiebou en transformasie kan bydra, te koester.
- Om biblioteekdienste aan alle burgers van die Wes-Kaap te ondersteun en te verbeter.
- Om 'n behoorlike rekordbestuursdiens in regeringsliggame te verseker.
- Om argiefmateriaal te bewaar en toeganklik te maak.
- Om ontwikkelingsprogramme vir sport en ontspanning te voorsien.
- Om gespesialiseerde dienste vir sport en ontspanning te voorsien.
- Om transformasie en bystand met geskilbeslegting vir sport en ontspanning te voorsien.
- Om bystand te verleen met die bevordering van ontspanning.
- Om toegang tot en geleenthede vir sport vir alle skole en hul leerders te skep.
- Om 'n geskikte milieu te skep vir die geslaagde aanbidding van die 2010 FIFA Wêreldbeker in die Wes-Kaap.

PRESTASIES

Program 1: Administrasie

Gedurende die oorsigjaar is strenger begrotings- en bestedingsbeheermaatreëls ingestel om gesonde begrotingsbeheer te verseker. Gevolglik het die Departement 99,8% van sy aangesuiwerde begroting bestee, soos in die Aanwendingstaat vermeld. Daar is ook 'n beduidende verbetering in die gehalte en bestuur van prestasie-inligting.

Die Rekeningpligtige komponent het 'n groter begrip vir finansiële bestuur vasgelê deur die gebruik van konsultasieprosesse om die toepassing van toepaslike norme en standaarde, spesifiek vir Rekeningpligtige vereistes/nakoming, te verseker. Die verskaffingsketteringbestuur-

(VKB) komponent het korporatiewe bestuur verbeter deur die ontwikkeling van gesonde beleidsrigtings en prosedures om beste praktyk te verseker.

Kapasiteit, vaardighede en bevoegdheid, veral in die VKB-komponent, is oor die algemeen verbeter deur robuuste opleidingsgrypings en gereelde assessering.

Alle teikens wat in die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) deur Monitoring en Evaluering (M&E) gestel is vir evaluerings, verslae en terreinbesoeke (monitoring), is vir die finansiële oorsigjaar behaal.

Die Diensleweringverbeteringseenheid het sy diensleweringverbeteringsinisiatiewe in ooreenstemming met Batho Pele “Stel die Mense Eerste” suksesvol gekoördineer en samewerking met sy belanghebbendes verstewig. Die eenheid se verantwoordelikhede ten opsigte van die koördinerende deelname aan provinsiale transversale programme is uitgevoer, en die eenheid versterk steeds sy bydrae tot hierdie transversale platforms.

’n Kernelement in die herposisionering van die Departement van Kultuursake en Sport as ’n verantwoordelike en verantwoordbare organisasie, is die rol wat deur Bemaking en Kommunikasie gespeel is. Die eenheid het nie slegs die Departement se verhouding met die media verbeter nie, maar het ook verseker dat die Departement se media-teenwoordigheid positief en in ooreenstemming met sy mandaat gebly het. Die toename in mediadekking was betekenisvol, omdat die Departement dikwels met ander nasionale en provinsiale departemente om mediaruimte moes. Die Departement het ook deel geword van die toenemende tendens om sosiale media te gebruik deur sy eie *Twitter*-rekening te open en ondersoek ook tans die lewensvatbaarheid daarvan om *Facebook* as ’n kommunikasieplatform aan te wend. Die reaksie op hierdie verwickelinge was baie positief. Die Departement se eksterne webwerf, www.capegateway.gov.za/dcas, en die intranet is opgegradeer en het in 2010 aanlyn verskyn.

Bemaking en Kommunikasie het die beginsel van ontwikkelingskommunikasie verder verstewig deur sy deelname aan die provinsiale publieke deelnameprogram, asook nasionale imbizo’s. Hierdie aksies is verder onderskraag deur gereelde ontmoetings tussen die Departement en sy kernbelanghebbendes.

Ondanks die gebrek aan enige betekenisvolle befondsing vir belangrike sport- en kultuurgeleenthede, het Bemaking en Kommunikasie gesorg dat jong sportlui en gemeenskappe van die Wes-Kaap voordeel getrek het uit geleenthede soos die *Cape Argus Pick n Pay*-Fietstoer en die *Discovery Cape Times Big Walk*. Deur ons bemiddeling kon ontwikkelingspanne van SA *Tandem for the Blind* en van SWD aan die 2010-*Cape Argus Pick n Pay*-Fietstoer deelneem. Dit is noemenswaardig dat die geleentheid aan ’n talentvolle jong fietsryer, Denzil Afrika, gebied is om aan die *Giro del Capo* deel te neem ook om langs die bekende fietsry-ikoon, Lance Armstrong, te ry. Die Gugulethu-gedeelte van die *Discovery Cape Times Big Walk*, ’n inisiatief van die Bemaking en Kommunikasie-span, is nou stewig verskans as ’n kernelement van hierdie wêreldgehalte geleentheid.

Suid-Afrika het ’n baie suksesvolle 2010FIFAWêreldbekertoernooi aangebied. Dit is bewerkstellig deur ’n uiters geslaagde vennootskap tussen die Departement van die Premier, munisipaliteite en die Departement van Kultuursake en Sport. Die beperkte hulpbronne tot ons beskikking het nie verhoed dat personeellede wat aan die streke toegewys was, doeltreffende *Fanjols* in George, Vredenburg, Worcester, Beaufort-Wes en Bredasdorp gereëlhet nie.

Program 2: Kultuursake

Die Departement en die Stad Kaapstad, asook met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, het saamgewerk om verskeie parades en kompetisies van die Kaapse Klopse, Kersfeesorkeste en Maleierkore in die 2010/2011-Feesdae aan te bied.

Om uitmuntendheid te beloon en erkenning te gee aan die bydraes wat in 2010 deur individue en organisasies binne die breër kultuursake-gebied gemaak is, is 22 toekennings in die volgende kategorieë by die Kuns-, Kultuur-, Museum-, Erfenis-, Taal-, Biblioteek- en Argief-toekenningsremonie uitgedeel:

2010-2011-KUNS-, KULTUUR-, MUSEUM-, ERFENIS-, TAAL-, BIBLIOTEK- EN ARGIEFTOEKENNINGS	
KATEGORIE	ONTVANGER
Kuns en Kultuur	
Bydrae tot beeldende kunste	Colin Steven
Bydrae tot uitvoerende kunste: Dans	Carolyn Holden
Bydrae tot uitvoerende kunste: Drama	Dr Niel le Roux
Bydrae tot uitvoerende kunste: Musiek	Ian Smith
Bydrae tot literêre kunste	Emile Jansen
Bydrae tot kunsvlyt	Martha van Rooyen
Museumdienste en Museums:	
Beste inisiatief van die jaar deur 'n museum	Khayelitsha Museum
Museumversameling wat hierdie jaar die beste instand gehou is	Iziko Museums van Kaapstad: Sosiale Geskiedenisversameling
Beste museumprojek van die jaar	Distrik Ses Museum: 'Speelvelde: sokkerherinnerings en gedwonge verskuiwings in Kaapstad' en 'Onkantspel'.
Erfenishulpbronbestuur:	
Bydrae tot openbare bewustheid/dokumentering van ons erfenishulpbronne	Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika: Begrafplaasprojekspan
Lewenslange bydrae tot die bewaring, dokumentering en/of interpretering van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap	Tahir Levy
Taaldienste:	
Bevordering van gemarginaliseerde inheemse tale, insluitende Suid-Afrikaanse Gebaretaal	Bradley van Sitters
Bydrae tot taalontwikkeling	Gebaretaalonderrig en -ontwikkeling
Biblioteekdienste:	
Openbare biblioteek met die grootste gemeenskapbetrokkenheid	Wellington Biblioteek
Openbare biblioteek met die beste jeugdiens	Rocklands Biblioteek
Openbare biblioteek met die beste kinderdiens	Langenhoven Gedenkbiblioteek, Oudtshoorn
Argiewe en Rekordbestuurdienste:	
Bes presterende munisipaliteit / private firma in rekordbestuurspraktyke	Craig Knight en Robbie Ryne, Rekordbestuur, Departement van Gesondheid
Beste individu/instelling wat Argiefdienste aan die publiek bevorder deur gepubliseerde artikels of fisiese besoeke	Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika: Uitstillingspan
Ministeriële Toekennings:	
Uitmuntende prestasie deur 'n vrou in kuns,	Francis van Wyk, Laingsburg

2010-2011-KUNS-, KULTUUR-, MUSEUM-, ERFENIS-, TAAL-, BIBLIOTEEK- EN ARGIEFTOEKENNINGS	
KATEGORIE	ONTVANGER
kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Vloedmuseum
Lewenslange prestasie in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Elias Nel
Nasionale en internasionale bydrae in die kunste, kultuur, erfenis, taal, biblioteke, museums en argiewe	Prof. Johan Hattingh, Dr. Dan Sleigh

Die Departement het ook gedurende die oorsigjaar tot die bevordering van kultuur- en erfenistoerisme bygedra. Oordragbetalingbydraes is ook gedurende die jaar gedoen aan die Kaapstad Karnival en die ABSA-Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), asook om die gratis gemeenskapskonsert wat tydens die Kaapstadse Internasionale Jazzfees in Groentemarkplein gehou is, moontlik te maak.

Subprogramme: Kuns en Kultuur

Die Kuns en Kultuur-komponent van die Departement het 'n groot impak op die kuns- en kultuurlandskap van die Wes-Kaap gehad met sy programme op verskeie vlakke, die smee van betekenisvolle vennootskappe en die stigting van netwerke oor alle sektore heen. Dit is bereik deur noukeurige beplanning en die implementering van strategiese stukrag gedurende die uitvoering van programme en projekte. Hoogtepunte vir die oorsigjaar het die volgende ingesluit:

- **Interaksie met belanghebbendes**

Die 2010/11 finansiële jaar is gekenmerk deur groter interaksie met belanghebbendes deur die Departement se Kunstewek, samewerking tussen gemeenskapsorganisasies, plaaslike munisipaliteite en distriksmunisipaliteite om netwerkgeleenthede te skep met aansoekers vir befondsing, hulpbronne en inligting te deel, bystand aan te bied en kunsbehoefes uit te spel. Plaaslike besoeke aan organisasies het ook plaasgevind. Dit het vennootskappe verstewig en die impak van die genre-ontwikkelingsprogramme versterk om betekenisvolle eindresultate wat die Departement se doelwitte ondersteun te lewer. Hierdie vermoë om strategie en beplanning met die praktyk te versmelt en om tasbare resultate tot gevolg te hê, het die potensiaal van kunspraktisyns en die geleentheid wat die kunste bied, ontsluit.

Die Kunstewek, wat van 27 September tot 2 Oktober 2010 in die Overberg gehou is, het daarin geslaag om belanghebbendes in die Overberg byeen te bring. Die projek het die doeltreffendheid van konsolidering van hulpbronne en energie gedemonstreer. Die Kunstewek was 'n daverende sukses in terme van die nalatenskap en impak daarvan. As gevolg daarvan is die kunsvlytinisiatief van die kunsvlytgroep vir gestremdes van Genadendal en Greyton versterk deur die oordrag van ondernemingsvaardighede, in samewerking met die Kaapse Kuns- en Ontwerpinstituut (KKOI).

Die Departement strewende daarna om die gaping tussen die stad en die platteland te oorbrug en het vir dié doel 'n werkwinkel by die Melkbos Oppiesee Kultuurfasiliteit aangebied vir dansgroepe van dwarsoor die Wes-Kaap. Dié werkwinkel, wat van 7 tot 9 Januarie 2011 gehou is en deur Ikapa Dans gefasiliteer is, het gefokus op ontwikkeling van die tegniese en artistieke aspekte van dans.

Deur die aanwending van programme soos hierdie, het die Departement daarin geslaag om netwerke onder befondsde organisasies en gemeenskapsprogramme te bou, wat die uitruil van strategieë en ervaring in verskeie kunsvorme tot gevolg gehad het. Deur middel van die jaarlikse befondsingsprogramme is die organisasies wat oor meer hulpbronne beskik, spesifiek met dié organisasies wat minder hulpbronne het, gekoppel. Dit was tot voordeel van beide die Departement en die organisasies, wat die geleentheid gekry het om

hul kreatiewe produkte by departementele geleenthede ten toon te stel. Die koppeling van musiekorganisasies, soos die *Ceres Crusaders* en die Kouebokkeveld Opleidingsentrum, het diverse gemeenskappe byeengebring sodat hul vaardighede en hulpbronne kon deel.

Deur die totstandkoming van 'n Getalgetal vennootskappe tussen die Departement, die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) en *Die Burger* Suidoosterfees, het die inisiatiewe om drama aan die Weskus te ontwikkel, tot gevolg gehad dat sommige produksies tydens die 2011-Suidoosterfees op die professionele verhoog ingesluit is. Hierdie vennootskappe duur voort om die groei en ontwikkeling van hierdie kunsvorm te verseker.

Die beeldende kunste-program het sy werk uitgebrei deur betekenisvolle vennootskappe te sluit met Verdere Onderwys en Opleiding- (VOO) kolleges, sowel as met sakeondernemings soos Shoprite/Checkers. Hierdie vennootskappe het aan die Departement die geleentheid gebied om meer programme aan te bied en te verseker dat nuwe gehore bereik word en nuwe innoverende projekte gefasiliteer word. Een so 'n projek was die straatfotografiewerkwinkel wat in November 2010 in Vredenburg gehou is, waar jong mense opgelei is in fotografie deur die kamerafasiliteit op hul selfone te gebruik. Dit het die jeug bemagtig om die hulpbronne tot hul beskikking optimaal te gebruik. Die leerders kan nou self die beeldmateriaal vir die maandelikse nuusbrieff van hulle plaaslike skool skep.

- **Departementele monitering van organisasies wat befondsing ontvang het**
Vanjaar is klem geplaas op die monitering van die befondsde organisasies. Dit het nouer werksverhoudings tussen die Departement en die burgerlike samelewing tot gevolg gehad. Monitering het ook verbeterde prestasie, nakoming en samewerking onder befondsde organisasies tot gevolg gehad. Dit vorm die boustene vir die bou van meer maatskaplik geïntegreerde gemeenskappe deur die kunste en vir die produksie van meer vernuwende eindprodukte waarmee 'n groter getal mense kan identifiseer.
- **Oorsig van hulpbrontoewysingsprosesse**
Ontleding van en besinning oor die hulpbrontoewysingsproses het tot gevolg gehad dat die Sentrale Karoo geïdentifiseer is as 'n gebied waar ingrypingvereis word om aan beide organisatoriese en kunsontwikkeling in die gebied aandag te gee. Hierdie probleem sal aangespreek word deur programme wat vir die nuwe finansiële jaar beplan word. Dit is moontlik gemaak deur ons noue samewerking met die Suidoosterfeesbestuur wat vier interns aangestel het vir die 2010/11-finansiële jaar as deel van ons vennootskap om die kunste te ontwikkel.
- **Uitreik en verruiming van programme**
Deur sy programme bevorder die Kuns en Kultuur-komponent groter samewerking tussen die verskeie genres. As deel van die musiekontwikkelingsprogram het die bekendstelling van Fase 1 van die Jazz Muurskilderyprojek op 17 Maart 2011, by Kunstekaap, gedien as visuele voorbeeld van watter uitwerking sodanige inisiatiewe het. Om hierdie gedeelte van ons geskiedenis te bewaar, beplan die Departement om 'n boekie te publiseer wat die lewens van die musici wat in die muurskildery uitgebeeld word, te dokumenteer, gegrond op die inligting wat tydens die navorsing, beplanning en uitvoering van die projek na vore kom.
- **Kapasiteitsbou en opleiding**
Die Kultuurforumprogram is versterk deur die inwydingsopleiding van 25-27 Januarie 2011 van administrateurs uit die vyf plattelandse distriksmunisipaliteiteby die Melkbos Oppieesee kulturfasiliteit. Sestig kultuuradministrateurs het opleiding ontvang in die bestuur van gemeenskapsgeleenthede, klankingenieurswese vir gemeenskapsgeleenthede en organisatoriese kapasiteitsbou.

- **Inisiasieprojek**

Die tweede Inisiasie-Indaba is op 23 Oktober 2010 met welslae in Kaapstad gehou en is deur meer as 80 mense bygewoon. 'n Aanvangsopleidingskursus vir tradisionele sjirurge en versorgers is in Oktober 2010 in die Eden Distriksmunisipaliteit aangebied. Met die ondersteuning van die Bitou Munisipaliteit is aan die einde van Maart 2011 bykomende opleiding in inisiasie-verwante gesondheidsake aangebied. Tydens hierdie Indaba is besluit dat die Langa-inisiasie-terrein gemoniteer sal word.

'n Verdere drie inisiasie-strukture is in Knysna, George en Mosselbaai opgerig. Die doel van hierdie strukture is om portuurondersteuning vir jong geïnisieerdes te bied. Hierdie inisiasie-strukture was ook instrumenteel in die implementering van bewustheidsprogramme om die volhoubare en omgewingsvriendelike gebruik van natuurlike hulpbronne tydens inisiasie-rituele te verseker.

Die besluit ten opsigte van die monitering van Langa se inisiasie-terrein is tydens die 2010/11-inisiasie-seisoen deur die Embo-inisiasieforum (Langa) in werking gestel. Die Langa-inisiasie-terrein in Kaapstad het toe sy besigste tydperk beleef. Meer as 100 hutte is op hierdie terrein opgerig. Hierdie tydperk, vanaf die laaste week in Oktober 2010 tot die eerste week in Februarie 2011, is gekenmerk deur 'n hoë vlak van gehoorgewing en samewerking deur die gemeenskap. Gemeenskapsterugvoervergaderings in alle gebiede is ook goed bygewoon.

Subprogram: Museum en Erfenishulpbronbestuurdienste

Museumdiens

Die oorsigjaar is gekenmerk deur 'n Getalgetal prestasies wat 'n betekenisvolle impak op die lewering van museumdienste gehad het. Hieronder het die volgende uitgestaan:

- **Digitalisering van aanwinstregisters van geaffilieerde museums**

Die Museumdiens het begin met 'n projek om die aanwinstregisters van geaffilieerde museums in die Wes-Kaap te digitaliseer. Hierdie projek sal die Museumdiens in staat stel om die sekuriteit en optekening van die versamelings van geaffilieerde museums te verseker. Die versamelingsaanwinstregister van die Kaapse Mediese Museum is nou ten volle gedigitaliseer.

- **'n Nuwe formaat vir aanwinstregisters**

'n Nuwe formaat vir aanwinstregisters is ooreenkomstig internasionale goeie praktyk ontwikkel. Die Museumdiens strewende daarna om te verseker dat alle geaffilieerde museums die geakkrediteerde museologiese standaarde van die Internasionale Museumraad (*ICOM*) en die Afrika Raad van Museums (*AFRICOM*) aanvaar vir die bestuur van versamelings en die geaffilieerde museums. Ten einde dit te moniteer, het die Museumdiens 'n gestandaardiseerde aanwinstregisterformaat ontwerp wat deur geaffilieerde museums in die Wes-Kaap gebruik sal word.

- **Die Nobelplein Reisende Tentoonstelling**

Hierdie reisende tentoonstelling bied 'n oorsig van die lewens van die vier Suid-Afrikaanse Nobelvredeprysweners, Hoofman Albert Luthuli, Aartsbiskop Desmond Tutu, oud-president Nelson Mandela en oud-president FW de Klerk. Die tentoonstelling is in vennootskap met die V&A Waterfrontmaatskappy (Edms.) Bpk. opgestel en reis tans na geaffilieerde museums in die Wes-Kaap. Dit is ook op versoek van die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking ten toon gestel tydens daardie departement se jaarlikse diplomatieke funksie in Somerset-Wes. Dié geleentheid het saamgeval met die opening van die Nasionale Parlement, wat deur meer as 400 plaaslike en internasionale gaste bygewoon is. Verder is die uitstalling ook ten toon gestel by die Nelson Mandela Huis by die Drakenstein Gevangenis tydens die herdenking van die 21ste herdenking van Nelson Mandela se vrylating uit die gevangenis op 11 Februarie 1990.

- **Besprekingskrif: Op pad na 'n nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Museumbeleid**
Dr. Ivan Meyer, Provinsiale Minister verantwoordelik vir Kultuursake en Sport, het die besprekingdokument vir vrystelling en raadpleging met belanghebbendes goedgekeur. Die besprekingdokument bevat voorstelle vir 'n nuwe provinsiale museumbeleidraamwerk binne die grondwetlike mandaat van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, met betrekking tot museums wat nie nasionale museums is nie.
- **Sekuriteitsverbeterings by George Museum**
As deel van die Departement se 2010-Nalatenskapsprogram, is sekuriteitsmaatreëls by die George Museum opgeknop. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het gehelp met die installering van hierdie sekuriteit, insluitende 'n elektriese heining en GBTV-kameras. Die alarmstelsel is ook verbeter.
- **Die Jaarvergadering van Museumhoofde**
Hierdie vergadering is van 2 tot 5 Junie 2010 by die Worcester Museum gehou, onder voorsitterskap van die Departementshoof, en bygewoon deur voorsitters van die bestuursliggame van geaffilieerde museums. 'n Aanbieding oor die konsepbesprekingdokument is ook gelewer.
- **Opleidings- en mentorskapingrypings**
Gedurende die 2010/11-finansiële jaar het Museumbestuur en Ondersteuning nege opleidingsingrypings aangebied. Die toename is moontlik gemaak danksy vennootskappe met Iziko Museums en vernuwende denke. Interne mentors het bykomende opleiding aangebied.
- **Mentorskapsprogram vir Versamelings en Bewaring**
Die Museumdiens het van 20 tot 22 November 2010 by die Drostdy Museum, Swellendam, 'n mentorskapsprogram vir versamelings en bewaring aangebied. Die hoofokus was op museumbestuur, die bestuur van tekstielversamelings en tegnieke vir die maak van stoorkiste. Die opleidingsprogram is deur 22 personeellede bygewoon.
- **Museumbestuur**
'n Opleidingskursus oor museumbestuur is op 1 Desember 2010 by die Jan Danckaert Museum, Porterville, vir museum personeel aangebied. Die bewaringsbeamptes het ook by die Worcester Museum mentorskap en opleiding in metaalbewaringverskaf.
- **Instandhouding**
'n Instandhoudings- en opleidingskursus is van 12 tot 30 Julie 2010 by die CP Nel Museum, Oudtshoorn aangebied, en op 4 Maart 2011 by die Togyers Museum, Ceres. Meeste van die instandhoudingswerk wat deur die jaar onderneem is, is deur personeel van die Museumdiens en 'n Getalgetal geaffilieerde museums gedoen.

Erfenishulpbronbestuurdiens

- Die Provinsiale Minister het vanaf 1 Augustus 2010 'n nuwe Raad vir Erfenis Wes-Kaap aangestel, die Provinsiale Erfenishulpbronowerheid, vir 'n driejaar-termyn. Die nuut aangestelde Raadslede en lede wat op die komitees gekoöpteer is, het 'n magdom vaardighede en kennis bygedra om die komplekse sake wat voor die Raad en sy komitees dien, te kan hanteer. Die Raad het ook die personeellede beduidend bemagtig en deur die uitruiling van nuwe benaderings dienslewering verbeter.
- In Januarie 2011 is 'n nuwe Hoof Uitvoerende Beampte vir Erfenis Wes-Kaap aangestel.

Geografiese Name

Hierdie komponent se hoogtepunte was:

- Die aanstelling van die nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Naamkomitee (WKPGNK) deur die Provinsiale Minister vir 'n driejaar-termyn. Dit verseker dat aangeleenthede met betrekking tot die standaardisering en transformasie van geografiese name in die Wes-Kaap aandag sal geniet. Die Provinsiale Tesourie het ook die hergradering van besoldigingstariewe vir die voorsitter en genomineerde lede vir hul bywoning van komiteevergaderings, goedgekeur. Twee vergaderings is gehou, een in Junie 2010 en die ander in Januarie 2011.
- Die WKPGNK hetvergader met die Stad Kaapstad oor die Stad se Konsepnaamgewingsbeleid. Inligting oor deelname en voorstelle oor die standardisering en moontlike verandering van geografiese name is in al drie amptelike tale op die Departement se webwerf gepubliseer.

Subprogram: Taaldienste

Prestasies vir Taaldienste was soos volg:

- **Bewustheidsprogramme en –projekte met betrekking tot implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid**
Een van die aanbevelings van die Taalkollokwium wat in Februarie 2010 gehou is oor implementering van die Taalbeleid, was dat bewustheid van die belangrikheid van tale en veeltaligheid by die seniorbestuur van die verskeie provinsiale departemente verhoog moet word. Dit het gelei tot interaksie met meeste van die departemente gedurende die afgelope jaar, waartydens topbestuur weer eens bewus gemaak is van die belangrikheid van implementering van die Provinsiale Taalbeleid. Die bewustheidsprogram en die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid word onder toesig van die Wes-Kaapse Taalkomitee deur die Departement onderneem..
- **Terminologiebou**
Die Departement, in samewerking met die Wes-Kaapse Taalkomitee en die Wes-Kaapse Kantoor van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (*PanSAT*), het op 15 Oktober 2010 'n terminologiewerkswinkel by die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek in Roelandstraat aangebied. Die doel van die werkswinkel was om die provinsiale taalpraktisyns se terminologie-ontwikkelingstrategieë te verbeter, veral vir isiXhosa, en om ondersteuning aan provinsiale taalpraktisyns te bied.
- **Gebaretaal en gemarginaliseerde inheemse tale**
Op 16 Julie 2010 is 'n seminaar met die tema: "Hoe om interaksie met dowes in openbare plekke te hanteer" aangebied. Verteenwoordigers van die Nasionale Instituut vir Dowes, Federasie vir Dowes Wes-Kaap, Gebaretaal Onderwys en Ontwikkeling, Dowe Gemeenskap Kaapstad, die Nasionale Parlement, die Provinsiale Wetgewer, skole vir Dowes, die Provinsiale Taalforum, die Wes-Kaapse Taalkomitee en meeste van die provinsiale departemente het die seminaar bygewoon.

Taaldienste het die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale voortgesit deur die Nama-bewustheidsveldtog uit te brei. 'n Nama-kalender, gemik op die bevordering van veeltaligheid, sowel as die bevordering van Nama met behulp van Engels, Afrikaans en isiXhosa, is ontwerp. Die kalender vorm deel van 'n veldtog om vir die Nama-taal volhoubare materiaal te skep, wat op 'n gereelde grondslag gebruik kan word en jaarliks aangepas kan word.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Subprogram: Biblioteekdienste:

Biblioteekdienste het 303 326 items biblioteekmateriaal verwerk wat aan 336 biblioteeksentrums in die Wes-Kaap versprei is. Daarbenewens het Biblioteekdienste ook namens openbare biblioteke op 7 027 tydskrifte en koerante ingeteken. Die volgende dienste is ook in die finansiële jaar gelewer:

- Biblioteke: Groendal naby Franschhoek (Stellenbosch Munisipaliteit), Jamestown (Stellenbosch Munisipaliteit)
- Mobiele boekwaentjies (*Boekrakke op wiele*): Buffeljagsbaai in die Gansbaai-area (Overstrand Munisipaliteit), Asla Park en Sonskynvallei (Mosselbaai Munisipaliteit), Wandsbeck naby Robertson (Langeberg Munisipaliteit) en Sandhills naby De Doorns (Breedevallei Munisipaliteit).

'n Hoogs geslaagde Nasionale Biblioteekweek-bekendstelling is op 14 Maart 2011 by die Robertson Openbare Biblioteek gehou. Bemarkingsmateriaal is aan alle openbare biblioteke versprei vir gebruik gedurende Biblioteekweek. Hierdie jaarlikse veldtog het ten doel om openbare biblioteekdienste en die optimale gebruik van inligtingshulpbronne wat by hierdie biblioteke beskikbaar is, te bevorder en 'n leeskuil te kweek.

Vaardigheidsontwikkeling was een van die sleutelprestasie-gebiede waarop Biblioteekdienste gedurende die oorsigjaar gefokus het. Gedurende die 2010/11-finansiële jaar is veertien opleidingsprogramme vir openbare biblioteekpersoneel aangebied. Hierdie opleidingskursusse het 'n hupstoot verleen aan die vermoë van openbare biblioteekpersoneel om biblioteekdienste in hul onderskeie gemeenskappe te verbeter.. Altesaam 321 biblioteekwerkers is opgelei.

Groot vordering is gemaak toe Biblioteekdienste met welslae gemigreer het van die ou PALS-stelsel (n SBS-gebaseerde stelsel) na SLIMS, *SITA Library Information Management System* aangedryf deur *Brocade*, wat web-gebaseerd is.

Die uitgebreide plattelandse diensprojek bekend as *Boekwaentjies*, het ten doel om biblioteekdienste te verskaf aan afgeleë plattelandse gebiede wat nie maklike toegang tot ander fasiliteite het nie. Dit was weer eens geslaagd aangesien die *Boekwaentjie* plaasgebiede en yl bevolkte gebiede bereik het. Vyf Boekwaentjie-personeel is in klein plattelandse gemeenskappe in werking gestel.

In 'n poging om die digitale gaping tussen stedelike en plattelandse gebiede te oorbrug, het die Biblioteekdiens, in vennootskap met e-Innovasie en met befondsing uit die Voorwaardelike Toekenning, inligtings- en kommunikasietegnologie- (IKT) infrastruktuur aan 20 biblioteke verskaf. Hierdie infrastruktuur sal gratis openbare toegang tot die internet verskaf en sal bydra tot plattelandse ontwikkeling en verbetering van die lewens van mense in plattelandse gebiede.

In reaksie op gemeenskapsbehoefte vir biblioteekdienste, met spesifieke verwysing na personeelgetalle by plattelandse en stedelike biblioteke, het bykomende personele wat by openbare biblioteke aangestel is, tot 313 aangegroei. Dié poste is uit die Voorwaardelike Toekenning befonds.

Subprogram: Argief

'n Wye reeks groepe en individue het gedurende die jaar die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens besoek, insluitende toergidse, geskiedenisstudente en lede van verenigings en organisasies. Op 15 April 2010 is besoek ontvang van 'n Sjinese delegasie wat die Staatsargief en Administrasie van Sjina (Beijing) en die Tianjin Munisipale Argief verteenwoordig het, tesame met twee beamptes van die Nasionale Argief en Rekorddiens van Suid-Afrika in Pretoria. Die besoek was deel van 'n toer om ondersoek in te stel na geleenthede vir wedersydse belang, samewerking en uitruiling tussen die twee argiefdienste. Navorsers is ontvang, nie slegs van die Wes-Kaap Provinsie nie, maar van oral in Suid-Afrika en oorsee, byvoorbeeld Swede (drie universiteite),

Finland, Frankryk (vier universiteite), Kanada, Duitsland, Japan, Nederland, die Verenigde Koninkryk (drie universiteite), Spanje en die Verenigde State van Amerika (12 universiteite).

Akademie navorsers het 106 nuwe navorsingsonderwerpe geregistreer, insluitende: Bevryde Afrikane, 1808 tot 1888; Geskiedenis van iKoman en Emigrante, Tembuland, 1820 tot 2000; Langa, 1923 tot 1960; Geskiedenis van Kayamandi vanaf 1920; Cetswayo en Langalibalele; Khoisan en Christenskap, 19de Eeu, Paarl Oproer, 1962; 'n Suid Afrikaanse Middelklas, 1950 tot 2010; Kaapstad in die vroeë Apartheidsera, 1944 tot 1964; Vakbonde en Anti-Apartheidbewegings.

'n Geslaagde Nasionale Argiefweek is van 17 tot 21 Mei 2010 gevier. Altesaam 633 besoekers is gedurende die week ontvang.

As gevolg van die vennootskap met die Nasionale Argief van Nederland, was personeellede gedurende die jaar betrokke by die besprekingsvergadering en opleidingsessie van die Wedersydse Kultuurerfenisprojek.

As deel van 'n vennootskap, het die Genealogiese Vereniging van Utah, VSA, begin om argiefdokumente in die Wes-Kaap Argief en Rekorddiens van Augustus 2010 te digitaliseer. Sedertdien is 61 307 beelde uit 217 volumes van die Slawekantoor-argiefgroep geskandeer. Hierdie gesamentlike projek sal toegang tot rekords in elektroniese formaat verbeter.

Program 4: Sport en Ontspanning

Subprogram: Sport

Sport het fondse aan 107 sportfederasies in die provinsie suksesvol oorgedra om hulle in staat te stel om hul mandaat na te kom, naamlik om geslaagde ontwikkelingsprojekte, gesonde administrasie en goeie korporatiewe bestuur te verseker. Daarbenewens het die Sportdirektoraat ses sporttoekenningsereemonies met welslae aangebied, naamlik die vier streeksporttoekenningsereemonies, die Provinsiale Sporttoekenningsereemonie en die Sportlegende-toekenningsereemonie.

Ten einde uitmuntendheid te beloon en erkenning te gee aan die bydraes wat in 2010 deur atlete, individue en organisasies in die breër sport- en ontspanningsarena gemaak is, is onderstaande toekennings by die jaarlikse Provinsiale Sporttoekennings gedoen:

2010/2011 JAARLIKSE PROVINSIALE SPORTTOEKENNINGS	
KATEGORIE	ONTVANGER
Administrateur van die Jaar	Corne Henrico Bence (Fietsry)
Span van die Jaar	WP DISA damesklub (Toutrek)
Afrigter van die Jaar	Andrew April (Skopboks)
Lewenslange Prestasietoekening	Anthony Johnson (Skopboks)
Inheemse Sportkode van die Jaar	Westelike Provinsie (Jukskei)
Federasie van die Jaar	Westelike Provinsie Rugby
Joernalis van die Jaar	Nolan Arendse
Uitmuntendheid en Veerkragtigheidtoekening	Phillippi Angels Township Bofbal-akademie
Plaaswerkersporttoekening	Johan Muller
Riaan Loots Toekening van die Jaar	Hopefield Netbalklub
Erkenning van Tegniese Uitmuntendheid	Jerome Kelvyn Damon (Voetbal)
Sportgemeenskapsbouer van die Jaar	Meryl Daniels (Krieket)
Mees Belowende Sportvrou van die Jaar	Wanda Matshaya (Skermkuns)
Mees Belowende Sportman van die Jaar	Uthman Samaai (Hokkie)
Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid	Mariza Holdt (Swem)
Sportman van die Jaar met 'n Gestremdheid	Leonard Bailey (Atletiek)

Junior Sportvrou van die Jaar	Phayton Gans (Skopboks)
Junior Sportman van die Jaar	Luvuyo Manyonga (Atletiek)
Sportvrou van die Jaar	Lee-ann Pace (Gholf)
Sportman van die Jaar	Louis Oosthuizen (Gholf)
Eerol	Marshall Jansen, Danie Brink, Leonard Marshall, Mcpeak Leonerd Barnes, Sadick Emeran, Maria Isobel Delpont en Martin Frank Janse van Rensburg

In samewerking met die sportfederasies, is ondersteuning verleen aan 22 groot sportgeleenthede in die Provinsie. Mense in die Wes-Kaap het ook voordeel getrek uit ander groot sportgeleenthede, naamlik die *Discovery Cape Times Big Walk*, die *Cape Argus Pick ' Pay* Fietstoer en die Twee Oseane Marathon.

Altesaam 248 atlete is gehelp om aan hoëprestasie-sport in hulle verskeie sportkodes deel te neem. Hierdie atlete het hul kodes by internasionale geleenthede verteenwoordig. Daarbenewens is ondersteuning aan sommige federasies gebied om aan nasionale geleenthede deel te neem.

Die opkoms van die georganiseerde gestremdheidssektor het gelei tot 'n toename in deelname aan sport deur mense met gestremdhede. Dit het hierdie sektor ook nader aan die hoofstroom gebring. Sport het ook die digitalisering van die Robbeneiland-sportrekords moontlik gemaak. Deur alle belanghebbendes te raadpleeg is 'n duidelike grondslag gelê op grond waarvan befondsingsriglyne vir die Sport en Ontspanningssektor opgestel kan word.

Oordragbetalings van R2.4 miljoen vir infrastruktuur en geriewe is aan vyf munisipaliteite gemaak en daardeur is ondersteuning aan agt projekte gegee.

Subprogram: Ontspanning

Ontspanning het 'n loodsprojek geïnisieer wat **Massadeelname; Geleenthede en Toegang; en Ontwikkeling en Groei** ondersoek het – die MGO-Ontspanningsprogram. Die program se fokus was op die implementering van sport- en menslike bewegingsaktiwiteite, soos dans en sportvariante, by die MGO-Ontspanningsentrums. As gevolg van die verskeidenheid aktiwiteite wat by elk van hierdie fasiliteite aangebied is, het die getal deelnemers by die MGO-Ontspanningsentrums dramaties toegeneem in vergelyking met die MGO-Sportsentrums.

Vyf MGO-Ontspanningsentrums is as deel van 'n loodsprojek ingestel, met een in Grassy Park by Fairmount Hoërskool; twee in Lavender Hill, een by Hillwood Primêre Skool en nog een by Lavender Hill Hoërskool, en twee in Houtbaai, een by Sentinel Primêre Skool en een by Houtbaai Hoërskool. Deur middel van talent-identifiseringsprosesse het hierdie MGO-Ontspanningsentrums deelnemers gekies met die potensiaal om 'n Getalgetal hoëprestasiegebaseerde kampe by te woon.

Hierdie hoëprestasiegebaseerde kampe het atlete gehelp met hul verdere ontwikkeling, groei en opvoeding. Daar was ook, as deel van 'n ooreenkoms met verskeie belanghebbendes en rolspelers, voortdurende oordrag van vaardighede tussen ervare en gekwalifiseerde eksterne menslike bewegingpraktisyne, dansers, ens. en ons afrigters en deelnemers, die leerders.

Maandelikse feesgebaseerde spilpuntprogramme is ingestel en bevorder. Dit het tot gevolg gehad dat ongeveer 480 deelnemers van dwarsoor die Wes-Kaap die provinsiale Balspeltoernooi bygewoon het en daaraan deelgeneem het. Ontspanning het ook 106 aktiwiteitskoördineerders gehelp om 'n geakkrediteerde geleentheidsbestuurkursus by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) met welslae te voltooi.

Subprogram: Skoolsport

Voordat die ontspanningsgebaseerde MGO-Ontspanningsprogram ingestel is, het Skoolsport MGO-Sportsentrums deur sy MGO-Sportprogram ingestel. Twee sentrums is binne elk van die 49

Wes-Kaapse Onderwysdepartement-(WKOD)gebaseerde netwerke geplaas. Waar moontlik, is hulle in die mees behoeftige gemeenskappe geplaas. Die Skoolsport MGO-Sportprogram fokus daarop om toegang tot beginnersvlak, intermediêre en gevorderde vlakke van afrigting en talent-identifisering in en deur sport aan alle primêre skoolkinders te bied. Die program is ook daarop gemik om deur middel van sport toegang te bied tot positiewe aktiwiteite en lewensvaardighede en om geleenthede in spelvaardighede en die gehalte en prestasievlakke van spelers wat deelneem aan ligas, kompetisiegebaseerde sport en hoëprestasie sport, te verbeter. 'n Geskatte gemiddelde van 19 370 leerders/atlete per week het MGO-sentrums bygewoon.

Skoolgaande leerders het ook aan ligastelsels in verskeie sportkodes deelgeneem. Dit vind plaas na skoolure en word bedryf deur die Wes-Kaapse Skoolsport Organisasie (WEKASSO), 'n onderwysergebaseerde organisasie wat op 'n vrywilligergrondslag bedryf word. WEKASSO het provinsiale, sowel as streeks- en distrikskodestrukture. Ten einde hulle te help met hulle taak om kompetisie- en hoëprestasiegebaseerde sport vir skoolgaande kinders te bied, dra die Departement fondse oor aan hulle verskeie strukture, en hou ook oor hulle verskeie aktiwiteite toesig.

Daarbenewens het Skoolsport Sportsentrums vir Hoër Prestasie en Vooruitgang deur Ontspanningsprogramme (*Sport Higher Performance and Advancement through Recreation Programmes (SHARP)*) tot stand gebring. Dié sentrums is in ongeveer die middel van elk van die WKOD-gebaseerde distrikte geplaas. Dit is ook waar distrikgebaseerde hoëprestasie talent-identifiseringskampe ongeveer elke tweede maand oor 'n naweek aangebied word. 'n Gemiddelde van ongeveer 143 atlete het elk van die SHARP-sentrums bygewoon, terwyl 'n gemiddelde van ongeveer 168 atlete elk van die toepaslike seisoenale provinsiale kampe bygewoon het. Hierna word die meer talentvolle atlete gestuur na 'n seisoenale provinsiale talent-identifiseringskamp vir leerders wat die potensiaal getoon het om op 'n selfs hoër vlak te presteer.

Suksesvolle atlete wat deur óf die MGO-Sportprogramme, óf WEKASSO en die onderskeie talent-identifiseringsprosesse gekwalifiseer het, is by die Wes-Kaapse Sportskool (WKSS) geregistreer. Die WKSS het weer tot dusver, benewens verskeie ander hoër prestasies in verskeie sportkodes, ongeveer 8% van hul skole se leerders gehad wat op 'n internasionale vlak deelneem. Boonop het die WKSS se seunsvlugbal- en meisiesvlugbalspanne albei aan die Wêreldkampioenskappe in Sjina deelgeneem, waar hulle die *Fairplay*-toekennings verower het.

Subprogram: 2010-Wêreldbeker-eenheid

Die Departement het gefokus op programme om die 2010 FIFA Wêreldbeker te bevorder en om 'n geskikte milieu te skep waarin hierdie gebeurtenis aangebied kon word. Dit is gedoen deur die ontwikkeling van sokker en fasilitering van die vyf provinsie-ondersteunde *Fanjols*. Die "Sterre in hul Oë"-projek het aangehou om die doel te behaal om SAFA-voetbalafrigters van SAFA-klubs dwarsoor die Wes-Kaap se benadeelde gemeenskappe te ontwikkel deur Nederlandse sokkerkundigheid aan te wend. Twintig afrigters het 'n gevorderde afrigtersopleidingskamp by die KNVB-akademie in Zeist, Holland, bygewoon, vergesel deur die voormalige Provinsiale Minister vir Kultuursake en Sport, mnr. Sakkie Jenner. Die 2010-Wes-Kaapse Sokkerambassadeurs (gewese professionele spelers) het voortgegaan om die profiel en uitwerking van ontwikkelingsinisiatiewe te verhoog deur afrigtersinisiatiewe en 'n reeks strategiese verskynings by byeenkomste in diverse en afgesonderde gemeenskappe, , om sodoende die gees van die Wêreldbekertoernooi en sokker deur die Wes-Kaap te versprei.

- **Straatsokker**

Massadeelname aan sokker oor die ouderdom- en geslagspektrum heen is deur straitsokkerwedstryde, wat by bestaande programme ingesluit is, uitgebrei. Straatsokker is ook gespeel by die vyf provinsiale *Fanjols* waar jong mense na Wêreldbekerwedstryde gekyk het en hulle belangstelling en vaardighede in sokker uitgebou het. Die "Droomspeelveld"-projek: "My 2010-Skoolavontuurprogram", 'n verlenging van die nasionale "My 2010-Skoolavontuurprogram", is uitgebrei om ongeveer 200 laer- en

hoërskole in die Provinsie in te sluit. Op 16 Junie 2010 het dit 'n hoogtepunt bereik in die distrikseindronde van die sokkerkomponent by die vyf distrik-*Fanjols*.

- **Sektor-vaardigheidsontwikkeling, Kapasiteitsbou en Leierskap: Skeidsregtersopleiding**

Dié opleiding het plaasgevind om die ontwikkeling van vaardige voetbalskeidsregters in die Wes-Kaap te verseker. Ongeveer 45 SAB Liga-skeidsregters van die Wynlande en omgewing is opgelei by opleidingskampe wat deur die PRWK befonds is. Plaaslike inwoners het verskeie vrywilligersgeleenthede rin hulle opgelei en gewerf is om te help met verskeie 2010 FIFA Wêreldbeker- verwante projekte soos *Fanjols*, spanne se basiskampe en toerisme-verwante aktiwiteite en geleenthede. Altesaam 240 Wes-Kaapse vrywilligers is in vennootskap met munisipaliteite opgelei. i.

- ***Fanjols***

Fyf *Fanjols* is in elk van die Distriksmunisipaliteite van die provinsie aangebied, in die dorpe Worcester (Wynlande Distrik), George (Eden Distrik), Bredasdorp (Overberg Distrik), Beaufort-Wes (Karoo Distrik) en Vredenburg (Weskus Distrik). Die *Fanjols* het op agt dae tydens die toernooi plaasgevind en het 'n platform vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelings- (PEO) geleenthede gebied, insluitende plaaslike aankope en die gebruik van plaaslike kunstenaars en vermaak. Die Worcester *Fanjol* was gasheer vir 'n internasionale kulturele uitruilprogram. Die program se fokus was op lewendige optredes deur 'n Brasiliaanse orkes wat deur die Brasiliaanse regering geborg is. Kernvennootskappe is aangegaan met NRO's en borge uit die private sektor, soos MTN, Coca-Cola en die SABC. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se maatskaplike werkers was by elke *Fanjol* teenwoordig om hulp te verleen met kinders en kwesbare persone. Ekonomiese voordele ten opsigte van toerisme, werkskepping en sakegeleenthede het bygedra tot die potensiële groei van *Fanjol*-dorpe en omliggende gebiede. Maatskaplike voordele behels onder meer ontwikkeling van sport, kuns en kultuur, gemeenskapsbetrokkenheid, opleiding en vaardighede, asook 'n geleentheid vir integrasie van gemeenskappe.

- **Gebeure voor die begin van die toernooi**

Gebeure wat die toernooi voorafgegaan het, vorm ook deel van hierdie finansiële jaar se verrigtinge. In Mei 2010 is Afrikadagvieringe by die Voetbal-vir-Hoopsentrum in Khayelitsha aangebied in die vorm van 'n plaaslike voetbaltoernooi wat daarop gemik was om burgers van ander Afrika-lande, sowel as plaaslike jong mense, te betrek. Die mikpunt van die toernooi was om maatskaplikesaambestaan en eenheid onder ons almal as Afrikane te bevorder. Na die Wêreldbeker-semifinaalwedstryd in Kaapstad op 6 Julie 2010, het Spanje se Koningin Sophia die Sentrum besoek en positiewe mediadekking ontvang. Oor die naweek van 13–14 November 2010 het die Nasionale VSA-voetbalspan die Sentrum besoek en deelgeneem aan voetbalklinieke met die jeug uit omliggende areas. Die Sentrum word deur 200 vennootskapsorganisasies ondersteun. Dit het meer as 6 000 jong gegradueerdes in die vaardigheidsprogram en 252 deelnemers in die gemeenskapsvoetballigaprogram.

Vyf plaaslike munisipaliteite (Beaufort-wes, Bredasdorp, Vredenburg, George en Worcester) het elk 'n digitale plaskerm-aftellingshorlosie ontvang sodat die plaaslike mense die dae tot die afskop van die toernooi kon aftel. Munisipaliteite gebruik nou hierdie grootskerms om openbare inligting te versprei, openbare bewustheid te verhoog, gemeenskapsontwikkeling te bevorder en, waar moontlik, toepaslike inkomste te genereer en lede van die publiek van inligting te voorsien in tye van nood.

- **Ondersteunende kunsvlyt**

Daarbenewens het die Departement voortgegaan om die Kaapse Kunsvlyt en Ontwerpinstituut te ondersteun, 'n kunsvlytopleidings- en netwerkorganisasie wat deur die Provinsiale regering ondersteun word. Die Instituut het voortgegaan om 'n netwerk van

kunsvlytbeoefenaars dwarsdeur die Provinsie op te lei om produkte te maak wat gedurende die 2010/11-finansiële jaar aan sokkertoeriste en -entoesiaste verkoop is.

2.1.5 Oorsig van die Diensleweringomgewing vir 2010/11

Program 2: Kultuursake

In terme van dienslewering, het die oorsigjaar 'n uitdagende omgewing aan die verskeie komponente in Kultuursake gebied, hoofsaaklik weens die beperkte finansiële hulpbronne wat beskikbaar was om hul mandaat uit te voer. Danksy 'n Getalgetal vennootskappe met statutêre en ander nieregteringsorganisasies, kon Kultuursake dienslewering verseker met betrekking tot hul beplande programme op die gebied van kuns, kultuur, erfenis, museums en taaldienste, en kon hulle hul mikpunte oorskry. In hierdie verband is 'n verskeidenheid dienste aan begunstigdes gelewer om die kultuurhistoriese bates en hulpbronne van die Wes-Kaap te bevorder, te bewaar en te bestuur.

Ten spyte van die uitwerking van die ekonomiese afplating gedurende die oorsigjaar met betrekking tot besteding deur beide plaaslike en internasionale toeriste en die gepaardgaande afname in die getal besoekers aan geaffilieerde museums in die Wes-Kaap, is geaffilieerde museums in die Provinsie steeds 'n voorkeurbestemming vir baie besoekers. Dié tendens word gestaaf deur studies wat vir die Stad Kaapstad en die nasionale Departement van Toerisme onderneem is met die oog daarop om strategieë vir kulturele en erfenistoerisme te ontwikkel.

Gedurende die laaste deel van die jaar het die Departement en die Kantoor van die Ouditeur-generaal die uitdagings bespreek om die agterstand in geouditeerde finansiële state van die museums wat deur die Provinsie ondersteun word, aan te pak. Die probleme in hierdie opsig het die museums se vermoë om befondsing uit ander oorde te bekom, beperk.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Die kwessie van die onbefondsde mandaat in die verskaffing van biblioteekdienste bly steeds 'n uitdaging vir die Departement.

Ten einde tred te hou met gevorderde IKT, het Biblioteekdienste gemigreer na die nuwe webgebaseerde SLIMS-biblioteekbestuurstelsel (*SITA Library Information Management System*) omdat PALS, die ou SBS-gebaseerde stelsel gestaak sou word en stelselondersteuning in November 2011 beëindig sou word. Hierdie behoefte is aangeteken as deel van die strategiese plan vir provinsiale infrastruktuur.

Die twee Argiefgeboue is op 13 Julie 2010 oorgedra van die nasionale Departement van Openbare Werke na die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke as deel van die oordrag van argiewe van die nasionale na die provinsiale regering. Dit sal die verskaffing van argief- en rekordbestuursdienste aan die publiek en die Staat verbeter.

Die digitalisering van rekords bly steeds 'n uitdaging in die immer veranderende tegnologiese omgewing.

Program 4: Sport en Ontspanning

Die oorsigjaar het 'n uitdagende omgewing vir Sport en Ontspanning gebied met betrekking tot dienslewering. Weens ons befondsingsproses en die sinergie wat met die befondsde sportfederasies met wie ons vennootskappe aangegaan het, geskep is, kon die beplande sportprogramme egter gelewer word. Die Wet op Veiligheid by Sport- en Ontspanningsgeleenthede, 2010, Wet No 2 van 2010, het 'n uitwerking op die aanbod van sportgeleenthede gehad.

Nog 'n faktor was die feit dat heelwat mense nie blootgestel word aan positiewe ontspanningsaktiwiteite nie en gevolglik meedoen aan antisosiale aktiwiteite soos misdaad, dwelms en bende-aktiwiteite. Die Siyadlala Gemeenskapsmassadeelnameprogram help Ontspanning om hierdie probleem te hanteer, deur befondsing te voorsien wat verkry word uit die nasionale Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI) se Voorwaardelike Toekenning vir Sport en Ontspanning.

Baie skoolgaande kinders het ook nie positiewe, gesonde en aktiewe lewenstyle nie, wat tot gevolg het dat hulle gesondheid swak is. Behoorlike toegang tot ontspanning, beweging en sportgeleenthede sal skoolgaande kinders gehalte aktiwiteite bied wat gemik is op bevordering van 'n gesonde en aktiewe lewenstyl en lewenslange aktiwiteit. Waardegebaseerde sport- en ontspanningsonderrig, gesonde interaksie en spanwerk sal toegang tot verbeterde lewensgehalte aan skoolgaande kinders bied.

2.1.6 Oorsig van die Organisasie Omgewing vir 2010/11

Program 1: Administrasie

Gedurende die oorsigjaar is die Menslike Hulpbronbestuursfunksie na die Departement van die Premier met die nodige begroting oorgedra. 'n Kliënteverhoudingsondersteuningseenheid is behou om die Departement met MH-verwante aangeleenthede te help.

Program 2: Kultuursake

Gedurende die finansiële jaar is 'n Getalgetal nuwe aanstellings in bestuursposte in Program 2 gedoen.

'n Getalgetal opleidingskursusse ten opsigte van die tekort aan vaardighede in die kuns-, kultuur- en erfenissektor is aangebied. Die gebrek aan Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid- (SAKO) geakkrediteerde opleidingskursusse en universiteitsopleidingsgeleenthede in die Wes-Kaap bied rede tot kommer. Die Departement het 'n Getalgetal vennootskappe gesluit met nasionale museums en ander organisasies, wat sommige van die opleidingsbehoefte voorsien het. Hierdie opleiding was tot voordeel van beide die Departement en die betrokke museum of organisasie.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Die gebrek aan vaardighede op die gebied van biblioteekwese, argiefwese en rekordbestuur wat die Direkoraat: Biblioteek- en Argiefdienste tans ervaar, bly steeds 'n uitdaging. 'n Studie wat deur die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) aangevra is, het sake in verband met die sektor beklemtoon, soos hoe vinnig vakatures ontstaan, salarissvlakke en 'n afname in die getal opvoedkundige instellings in Suid-Afrika wat onderrig en opleiding bied in biblioteek- en inligtingswetenskappe, argiefwetenskappe en rekordbestuur.

Dié situasie het 'n impak op die werwing van toepaslik gekwalifiseerde kandidate om sommige van die kritieke poste in die Direkoraat te vul. 'n Ondersoek na die organisasiestruktuur van die Direkoraat en poste daarin is geloods en sal in 2011/12 voortgesit word.

Program 4: Sport en Ontspanning

Sport het 107 sportfederasies met befondsing ondersteun, wat baie gehelp het met die ontwikkeling van programme en die aanbied van 22 groot sportgeleenthede in die Provinsie. Hierdie ondersteuning het verhoudings tussen die Departement en die publiek verbeter. Die

totstandkoming van die Arbitrasie en Geskilbeslegtingskomitee het gehelp om sportdispute op te los voordat tot regstappe oorgegaan kon word.

Ontspanning het 'n diensleweringbenadering geskep wat 'n programmatiese bedryfstelsel met 'n volhoubare effek het, , in teenstelling met 'n eenmalige, gebeuregebaseerde benadering. Dit beteken dat Ontspanning met die fokus op ontspanningsgebaseerde aktiwiteite 'n fondament gelê het. Hierdie aktiwiteite sal as 'n vertrekpunt vir deelnemers dien: wanneer hulle deelneem aan ontspanningsaktiwiteite, kan hulle óf in 'n omgewing van speel en ontspanning bly, óf hulle kan aan 'n formele klubsituasie deelneem. Hiervoor het Ontspanning 'n klubstelsel ingestel. Boonop kan deelnemers deur Ontspanning se talentidentifiseringsprosesse na 'n hoër vlak van deelname vorder.

Skooldport funksioneer in 'n stelsel wat toegang tot en geleentheid deur massadeelname, kompetisies, hoëprestasiesport en beroepsgebaseerde sport vir skoolgaande kinders skep. Massadeelnamegebaseerde sport word deur die Massa-Geleentheid- en Ontwikkelingsentrum (MGO) se sportprogram aangebied, kompetisie- en hoëprestasiegebaseerde sport word deur die Wes-Kaapse Skooldportorganisasie (WEKASSO) aangebied; terwyl beroepsgebaseerde sport dusver in die Wes-Kaapse Sportskool (WKSS) gevestig is. Met hierdie stelsel kan atlete van een deelnemingsvlak na die volgende vlak vorder deur 'n proses van talentidentifisering waardeur hulle uiteindelik gehelp kan word om groot hoogtes in sport te bereik en/of 'n beroep in sport te volg.

Daarbenewens werk die Departement voortdurend aan sy verhouding met die WKSS, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en WEKASSO, om sodoende te help met die doeltreffende en doelmatige lewering van sport deur skole. Die Departement het ook teen die laaste gedeelte van die jaar begin om deur sy Direktoraat: Sportontwikkeling (Subdirektoraat: Skooldport), 'n verhouding met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te ontwikkel.

2.1.7 Kernbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Program 1: Administrasie

Sluitelbeleidsontwikkelings gedurende die oorsigjaar sluit in die ontwikkeling en implementering van 'n reis- en verblyfbeleid, 'n raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting, 'n raamwerk vir die bestuur van bate- en lasterekenings, 'n batebestuurbeleid en 'n moniterings- en evalueringsraamwerk. Die implementering van hierdie beleidsrigtings het grootliks tot verbetering van die beheeromgewing bygedra.

Program 2: Kultuursake

Dr. Ivan Meyer, die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Kultuursake en Sport, het die konsepbesprekingsdokument: *Op pad na 'n Nuwe Wes-Kaapse Museumbeleid* goedgekeur. Verskeie raadplegings, onder meer met die Staande Komitee oor Onderwys, Kultuur en Sport en die voorsitters en hoofde van meeste van die geaffilieerde museums, het in 2010/11 plaasgevind. Gedurende die 2011/12-finansiële jaar sal belanghebbendes by raadplegings en besprekings betrek word om 'n nuwe konsep Wes-Kaapse Provinsiale Museumbeleid te finaliseer. Sodra die beleid goedgekeur is, sal die verouderde museumordonnansies vervang word met nuwe provinsiale museumwetgewing ooreenkomstig die grondwetlike mandate soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Gemeenskapsbiblioteek en Inligtingsdienste was gedurende die oorsigjaar steeds onder bespreking. Die konsepwetsontwerp is by verskeie forums bestudeer en bespreek en raadpleging sal in die volgende finansiële jaar voortgesit word.

By Argiefdienste het die swak toestand van argiefmateriaal die opstel van 'n bewaringsbeleid noodsaak, wat gedurende die verslagjaar goedgekeur en in werking gestel is.

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens het by die nasionale Departement van Kuns en Kultuur 'n bydrae oor die konsep Nasionale Beleid oor Digitalisering en Erfenishulpbronne gelewer.

Program 4: Sport en Ontspanning

Besprekings duur voort oor die stand en implementering van skoolsport in die land tussen die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA). Die besprekings tussen hierdie twee departemente sal die Nasionale Minister van Sport en Ontspanning se "Padkaart na optimale prestasie en funksionele uitmuntendheid", soos hieronder verduidelik, in ag moet neem om die gewenste uitkoms te bereik.

In Januarie 2011 is 'n leweringsraamwerk bekendgestel, met die titel "Padkaart na optimale prestasie en funksionele uitmuntendheid". Ses areas is geïdentifiseer en nasionale befondsing, meer spesifiek die Voorwaardelike Toekenning, sal oorgeplaas word om die doelwitte van hierdie leweringsraamwerk te bereik. Die kernstrategiese gebiede is:

1. Transformasie van sport
2. Skoolsport
3. Institusionele meganismes
4. Massamobilisering
5. Ontspanning
6. Befondsing

Die stipendia wat uit die Voorwaardelike Toekenning aan personeel betaal moet word, is in die 2010/11-finansiële jaar met belanghebbendes bespreek om 'n konsepwerksbeleid vir die Sport en Ontspanning Voorwaardelike Toekenning in alle provinsies te finaliseer. Die Wet op Veiligheid by Sport- en Ontspanningsgeleenthede, 2010 het in die oorsigjaar in werking getree. Die Departement se befondsingsbeleid is ook gedurende die tydperk onder oorweging hersien en in konsepvorm aanvaar.

2.1.8 Departementele Inkomste

R'000

	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Werklik	2010/11 Teiken	2010/11 Werklik	% afwyking van teiken
Belastinginkomste						
Nie-belastinginkomste	785	1 358	779	3 580	4 033	12.6
Verkoop van goedere en dienste	80	230	212	181	226	24.8
Finansiële transaksies	451	170	52		137	100.0
TOTALE DEPARTEMENTELE ONTVANGSTE	1 316	1 758	1 043	3 761	4 396	16.88

2.1.9 Departementele Uitgawes

R'000

Program	Bewillig vir 2010/11	Oordragbetalings en aansuiwering	Virement	Totaal bewillig	Werklike uitgawes	Verskil
1. Administrasie	36 254	-1 897	2 678	37 035	37 008	27
2. Kultuursake	54 156	5 945	-454	59 647	59 533	114
3. Biblioteek- en Inligtingsdiens	118 909	1 118	-735	119 292	118 960	332
4. Sport en Ontspanning	79 922	297	-1 489	78 730	78 522	208
Totaal	289 241	5 463	0	294 704	294 023	681

2.1.10 Oordragbetalings

Program 2: Kultuursake

Subprogram:	Naam van instelling	Bedrag oorgedra R
	Artscape – Dag-tot-dag-instandhouding	135 000
Kuns en Kultuur	Wes-Kaapse Kultuurkommissie	100 000
	Genre: Kunsvlyt / kreatiewe nywerhede	
	Baardskeerdersbos	20 000
	EduCompass Gemeenskapsontwikkeling	50 000
	Genadendal, Greyton Gestremdheid (GGV Gestremdheidforum)	50 000
	Libere Stigting	45 000
	<i>Nande Beading Painting & Refreshment Projek</i>	50 000
	RUDNET	50 000
	Stellenbosch Kunsvereniging	42 000
	Die Ruth Prowse Kunsskool	45 000
	Die Vrouekring	40 000
	Genre: Dans	
	Athlone Dansstudio	18 000
	Kaapstad Stadsballet	750 000
	<i>Dance Crew</i>	70 000
	<i>Dance for All</i>	200 000
	iKapa Dans Teaterproduksies	60 000
	Jazzart Dansteater	200 000
	Jikeleza Dansprojek	60 000
	La Rosa Spaanse Dansteater	60 000
	Stellenbosch Balletvereniging	56 000
	Wilvan Balletskool	60 000
	<i>Zama Dance</i>	40 000
	Genre: Drama	

	<i>Arepp: Theatre of Life</i>	30 000
	Baxter Teatersentrum	400 000
	<i>Break Thru Ministry</i>	40 000
	Breughel Teater	20 000
	Bridgetown Teatermaatskappy	40 000
	<i>Cape Heart Theatre Community & Education Theatre</i>	50 000
	Darling Fokus	40 000
	<i>From the Hip: Khulumakahle</i>	60 000
	George Kunsvereniging	40 000
	Harare Spelers	50 000
	Menseregte Mediasentrum	50 000
	Ikhwezi Jeug Teaterontwikkeling	50 000
	Kairos Dramagroep	80 000
	Klein Libertas Teater	30 000
	<i>Let's Act</i>	50 000
	Magnet Teater	80 000
	<i>Masibambisane Youth Education Drama Organisation</i>	50 000
	<i>New Life Theatre</i>	40 000
	Novalis Ubuntu Instituut	40 000
	Oaks of Righteousness Stigting	20 000
	<i>Puppetry in Education Trust</i>	50 000
	<i>Rainbow Arts Organisation</i>	70 000
	Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans	65 000
	Suidoosterfees	320 000
	<i>Die College of Magic</i>	70 000
	UNIMA-SA (WK)	80 000
	<i>Uthando for Theatre</i>	50 000
	Zip Zap Sirkusskooltrust	80 000
	Genre: Musiek	
	Amy Biehl Stigtingtrust	80 000
	Athlone Musiekakademie	80 000
	<i>Bless Them All</i> Gospelgroep	170 000
	Kaap Filharmoniese Orkes	350 000
	Kaapstad Opera	200 000
	<i>Ceres Crusaders</i>	50 000
	<i>Elgin Learning Foundation</i>	50 000
	George Musiekvereniging	40 000
	Kouebokkeveld Opleidingsentrum	55 000
	Kronendal Musiekakademie	80 000
	<i>Mbekweni Black Bafanas</i>	40 000
	Musiekterapie Kliniek	50 000
	Oasis Gemeenskapsprojekte	90 680
	Steel Band Projek (Wes-Kaap)	75 810
	Stellenzicht Musiekkprojek	55 000
	<i>The Enlighten Education Trust</i>	57 400
	Wes-Kaapse Musikantevereniging	200 000
	Genre: Beeldende Kunste	
	ABSA Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK)	120 000
	Breytenbach Kultuursentrum	80 000
	Greatmore Studios	75 000
	<i>Street Stories Films (SSF)</i>	50 000

	Swartland Kunsvereniging	11 980
	<i>Very Special Arts (Wes-Kaap) (VSA)</i>	20 000
	Beeldende Kunsvereniging (VANSA)	60 000
	Wesland Kunsvereniging	50 000
	Ander Oordragbetalings	
	Kaapstad Karnival	50 000
	Kaapstad Erfenistrust	20 000
	Die Suid-Atlantiese Kuns en Kultuurtrust	200 000
	Wes-Kaapse Kultuurkommissie	911 384
	Spesiale subsidie-toekenning goedgekeur deur Provinsiale Minister	
	Genre: Musiek	
	Ubuntu Stigtingtrust	60 000
	Ad hoc-befondsing (Klopse, Karnival, Maleierkore en Christmas Bands)	
	<i>Cape District Minstrel's Board</i>	57 750
	Kaap Maleierkoor, Raad	155 837
	<i>Cape Metro Minstrel's Association</i>	32 566
	<i>Cape Town Minstrels Carnival Association</i>	230 569
	Kaapse Klopse Karnivalvereniging	145 032
	<i>SA Christmas Band Board</i>	26 000
	SA Koorraad	32 744
	<i>SA United Christmas Band Board</i>	68 950
	Tafelberg Mannekoor Raad	11 160
	SUBTOTAAL	8 438 862
Museum- en Erfenishulpbrondienste	Provinsie-gesteunde museums	
	Beaufort-Wes Museum	166 155
	Caledon Museum	80 940
	CP Nel Museum, Oudtshoorn	225 435
	Drostdy Museum, Swellendam	314 925
	Genadendal Museum	725 899
	Houtbaai Museum	70 680
	Hugunote Gedenkmuseum, Franschhoek	193 293
	Montagu Museum	114 285
	Ou Hawe Museum, Hermanus	89 490
	Oude Kerk Volksmuseum van 't Land van Waveren, Tulbagh	155 895
	Paarl Museum	122 265
	SA Sendiggestig Museum, Kaapstad	52 725
	Skeepswrakmuseum, Bredasdorp	91 200
	Simonstad Museum	143 355
	Stellenbosch Museum	349 088
	Togryersmuseum, Ceres	54 435
	Wellington Museum	54 150
	Koringmuseum, Moorreesburg	85 785
	Plaaslike museums	

	Fransie Pienaar Museum, Prins Albert	15 766
	Groot Brakrivier Museum	12 614
	Jan Danckaert Museum, Porterville	6 306
	Robertson Museum	12 614
	Spesiale oordrag	105 325
	Erfenis Wes-Kaap	400 000
	SUBTOTAAL	3 642 625
Taaldienste	Wes-Kaapse Taalkomitee	150 000
	SUBTOTAAL	150 000
Huishoudings	SUBTOTAAL	480 642
	TOTAAL	12 712 129

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Subprogram:	Naam van instelling	Bedrag oorgedra R
Biblioteekdienste	Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere (SASNEV)	5 000
	Voorwaardelike Toekenning: Biblioteekdienste	
	Beaufort-Wes Munisipaliteit	279 000
	Bergrivier Munisipaliteit	553 000
	Bitou Munisipaliteit	350 000
	Breedevallei Munisipaliteit	890 000
	Kaap Agulhas Munisipaliteit	345 000
	Cederberg Munisipaliteit	300 000
	Sentrale Karoo Munisipaliteit	50 000
	Stad Kaapstad	24 267 000
	Drakenstein Munisipaliteit	1 286 000
	Eden Distrik Munisipaliteit	104 000
	George Munisipaliteit	1 046 000
	Hessequa Munisipaliteit	475 000
	Kannaland Munisipaliteit	180 000
	Knysna Munisipaliteit	511 000
	Laingsburg Munisipaliteit	81 000
	Langeberg Munisipaliteit	775 000
	Matzikama Munisipaliteit	426 000

	Mosselbaai Munisipaliteit	801 000
	Oudtshoorn Munisipaliteit	568 000
	Overstrand Munisipaliteit	608 000
	Prins Albert Munisipaliteit	110 000
	Saldanhaabaai Munisipaliteit	5 631 000
	Stellenbosch Munisipaliteit	1 077 000
	Swartland Munisipaliteit	585 000
	Swellendam Munisipaliteit	300 000
	Theewaterskloof Munisipaliteit	678 000
	Weskus Distriksmunisipaliteit	104 000
	Witzenberg Munisipaliteit	578 000
	SUBTOTAAL	42 963 000
Huishoudings	SUBTOTAAL	40 046
	TOTAAL	43 003 046

Die oordragte aan munisipaliteite is aangewend vir betaling van salarisse vir bykomende personeel by openbare biblioteke, instandhouding, opgraderingsprojekte, meubels en toerusting en om fondse te voorsien vir die bou van 'n nuwe biblioteek in Vredenburg (Saldanhaabaai Munisipaliteit). Maandelikse vorderingsverslae is deur munisipaliteite ingedien om die Direkoraat in staat te stel om uitgawes te monitor. Moniteringsbesoeke is gedurende die jaar deur personeellede in die Voorwaardelike Toekenningseenheid en personeel van distrikskantore afgelê. .

Program 4: Sport en Ontspanning

Subprogram:	Naam van instelling	Bedrag oorgedra R
	Agri Klein Karoo	36 000
Bestuur	Die <i>Big Walk</i> Trust	310 000
	Westelike Provinsie Sportraad	4 000
	SUBTOTAAL	350 000
Sport	Bolandfederasies	
	Boland Amateurskopboks	20 000
	Boland Atletiek	40 000
	Boland Pluimbal	25 000
	Boland Bofbal	10 000
	Boland Skaak	25 000
	Boland Veerpyltjie Beheerraad	20 000
	Boland Kunstvlieghengel	10 000
	Boland Gimnastiek	30 000
	Boland Hokkie-Unie	10 000
	Boland Judo	30 000
	Boland Karate	20 000
	Boland Damesgholf	20 000
	Boland Netbal	30 000

	Boland Sport & Kultuur-Unie	10 000
	Boland Tafeltennis	20 000
	Boland Tennisvereniging	10 000
	Boland Toutrek	15 000
	Boland Stoei	20 000
	SWD-Federasies	
	Suid-Afrikaanse Seil Suider-Kaap	25 000
	Suider-Kaap Rolbal	15 000
	Suider-Kaap Gemeenskapsontwikkeling Domino-Unie	10 000
	Suider-Kaap Fietsryvereniging	25 000
	Suider-Kaap Gholfunie	20 000
	Suider-Kaap Gimnastiek	10 000
	Suider-Kaap Hokkievereniging	20 000
	Suider-Kaap Ligte Boothengel	10 000
	Suider-Kaap Vrouegolf	20 000
	SWD Watersport	20 000
	SWD Atletiek	10 000
	SWD Bofbalunie	30 000
	SWD Tweekamp	20 000
	SWD Krieket	40 000
	SWD Binnenshuise Krieket	10 000
	SWD Jukskei	15 000
	SWD Karate	20 000
	SWD Tamboernooientjievereniging	25 000
	SWD Gevegskunsvereniging	10 000
	SWD Netbal	25 000
	SWD Kragoptelvereniging	10 000
	SWD Sportraad	40 000
	SWD Sport vir Gestremdes	10 000
	SWD Muurbal	15 000
	WP en Wes-Kaapfederasies	
	Farouk Abrahams Gemeenskapsokker	200 000
	SA Kunsskaats van WP	10 000
	Suid-Afrikaanse Seil, Wes-Kaap	10 000
	Suid-Afrikaanse Oorplantsportvereniging	10 000
	USSWC	10 000
	WKSA Intellektueel gestremd	10 000
	Wes-Kaap Rolbal	15 000
	Wes-Kaap Kano-Unie	20 000
	Wes-Kaap Sportfederasie vir Dowes	10 000
	Wes-Kaap Fedansa	50 000
	Wes-Kaap Skermkuns	25 000
	Wes-Kaap Skermkuns	20 000
	Wes-Kaap Sportraad	213 000
	Wes-Kaap Vlugbal	25 000
	Westelike Provinsie Amateurjudovereniging	30 000
	Westelike Provinsie Watersport	10 000
	Westelike Provinsie Atletiek	30 000
	Westelike Provinsie Pluimbal	25 000
	Westelike Provinsie Bofbal	10 000
	Westelike Provinsie Swartbalfederasie	45 500

	Westelike Provinsie Blaaspyl	10 000
	Westelike Provinsie Skaak	30 000
	Westelike Provinsie Pylgooi Beheerraad	20 000
	Westelike Provinsier Sierduif	10 000
	Westelike Provinsie Gimnastiekvereniging	20 000
	Westelike Provinsie Handbal	10 000
	Westelike Provinsie Hokkie	20 000
	Westelike Provinsie Jukskei-Unie	20 000
	Westelike Provinsie Karate Suid-Afrika	15 500
	Westelike Provinsie Skopboks	20 000
	Westelike Provinsie Lewensredders	35 000
	Westelike Provinsie Netbalunie	30 000
	Westelike Provinsie Rollerbal	20 000
	Westelike Provinsie Roei	25 000
	Westelike Provinsie Rugbyvoetbalunie	20 000
	Westelike Provinsie Sagtebalfederasie	65 000
	Westelike Provinsie Sagtebalfederasie	25 000
	Westelike Provinsie Sportraad	30 000
	Westelike Provinsie Muurbal	20 000
	Westelike Provinsie Tafeltennis	30 000
	Westelike Provinsie Gewigoptel	35 000
	Westelike Provinsie Stoei	30 000
	WP Yshokkie	10 000
	WP Karate	25 000
	WP Moderne Vyfkampvereniging	10 000
	WP Natuurlike Liggaamsbou	25 000
	WP Sport Aërobiese Oefening	61 000
	WP Sport Aërobiese Oefening en Fiksheid	20 000
	WP Toutrek	35 000
	Weskusfederasies	
	Weskus Skopboks	50 000
	Weskus Netbalunie	25 000
	Weskus Potspelvereniging	10 000
	Weskus Sportunie	20 000
	Transformasie	
	Wes-Kaap Provinsiale Sportraad	90 000
	Wes-Kaap Sportraad	132 896
	Munisipaliteite (Fasiliteite)	
	Bergrivier	100 000
	Cederberg	70 000
	George	147 000
	Knysna	200 000
	Matzikama	1 930 000
	Hoofbyeenkomste	
	Boland Amateurskopboks	40 000
	Boland Rugbyunie	50 000
	DISWEK	50 000
	Hessequa Munisipaliteit	50 000
	SWD Atletiek	30 000

	SWD Atletiek	30 000
	SWD Krieket	30 000
	SWD Rugbyunie	90 000
	SWD Sportraad	50 000
	SWD Sport vir Gestremdes	30 000
	Weskus Sportraad	40 000
	Wes-Kaap Provinsiale Sportraad	60 000
	Wes-Kaap Sportraad	50 000
	Westelike Provinsie Amateurjudovereniging	20 000
	Westelike Provinsie Atletiek	30 000
	Westelike Provinsie Skaak	10 000
	Westelike Provinsie Fietsry	30 000
	Westelike Provinsie Pylgooi	30 000
	Westelike Provinsier Sierduif	30 000
	Westelike Provinsie Skermkuns	30 000
	Westelike Provinsie Kunsskaats	30 000
	Westelike Provinsie Aërobiese Fiksheid oefening	30 000
	Westelike Provinsie Hokkie-unie	30 000
	Westelike Provinsie Karate	50 000
	Westelike Provinsie Sagtebal	20 000
	Westelike Provinsie Sportraad	60 000
	Westelike Provinsie Tafeltennis	30 000
	SUBTOTAAL	6 129 896
Skolesport	Skolesportprogram	
	Boland Skolesportvereniging	100 000
	Distrik Sentraal Skolesportorganisasie	270 000
	Distrik Sentraal Skolesportorganisasie	100 000
	Distrik Noord Skolesportorganisasie	150 000
	Distrik Overberg Skolesportvereniging	100 000
	Distrik Noord Skolesportorganisasie	270 000
	Distrik Suid Skolesportorganisasie	350 000
	Hoëprestasie-ondersteuning	
	Wes-Kaap Provinsiale Sportraad	497 425
	Wes-Kaap Skolesport Atletiek	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Bofbal	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Staffoertjies	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Skaak	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Veldloop	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Voetbal	15 000
	Wes-Kaap Skolesport LSEN-rugby	15 000
	Wes-Kaap Skolesport Netbal	15 000
	Wes-Kaap Skolesportorganisasie	1 972 425
	Wes-Kaap Skolesport Sagtebal	15 000
	Wes-Kaap Skolesport	5 000 000
	Westelike Provinsie Sportraad	930 000
	SUBTOTAAL	9 874 850
Huishoudings	SUBTOTAAL	510 046
	TOTAAL	16 864 792

2.1.11 Voorwaardelike Toekennings

Gemeenskapsbiblioteekdienste-toekenning

Die jaar 2010/11 was die vierde jaar van befondsing uit die Voorwaardelike Toekenning. Die doel van die toekenning is om stedelike en plattelandse gemeenskapsbiblioteek-infrastruktuur, -geriewe en -dienste te transformeer deur 'n herkapitaliseerde program op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak. Belangrike suksesse was die oordrag van R42 958 aan 28 munisipaliteite in die provinsie teen die einde van die jaar vir betaling van bykomende personeellede vir openbare biblioteke, asook vir instandhouding, meubels en toerusting. Altesaam 313 bykomende personeellede is in die 28 munisipaliteite van die Provinsie in diens geneem.

As bydrae tot lewering van 'n getransformeerde en billike biblioteek- en inligtingsdiens aan alle plattelandse en stedelike gemeenskappe, is 26 360 items biblioteekmateriaal met fondse uit die Voorwaardelike Toekenning aangekoop.

Die uitgebreide plattelandse diensprojek wat as *Boekwaentjies* bekend staan, het ten doel om biblioteekdienste na afgeleë plattelandse gebiede wat nie maklike toegang tot ander fasiliteite het nie, te neem. Die projek was weer eens geslaag en het plaasgebiede en yl bevolkte gebiede bereik. Die volgende gebiede het hierdie diens ontvang: Buffeljagsbaai in die Gansbaai-area (Overstrand Munisipaliteit), Asla Park en Sonskynvallei (Mosselbaai Munisipaliteit), Wandsbeck naby Robertson (Langeberg Munisipaliteit) en Sandhills naby De Doorns (Breedevallei Munisipaliteit).

'n Vraghouerbiblioteek is by Chatsworth in die Swartland Munisipaliteit geopen. Hierdie moderne fasiliteit is in 2009/10 uit die Voorwaardelike Toekenning befonds. Dit was 'n opgradering van die *Boekwaentjiediens*.

As 'n bydrae tot 'n toegewyde ekonomiese infrastruktuurnetwerk en 'n toegewyde, doeltreffende en verantwoordbare regeringstelsel, het Biblioteekdienste IKT-infrastruktuur by landelike biblioteke in die Wes-Kaap ingestel. Hierdie projek word die Landelike Biblioteek Verbindingsprojek genoem en het ten doel om die digitale gaping in die landelike gebiede te oorbrug. IKT-infrastruktuur en internetkoppeling is gedurende 2010/11 aan twintig persele voorsien. Gemeenskappe/biblioteke wat deur hierdie projek gebaat het, sluit die volgende in:

Biblioteek	Munisipaliteit
Barrydale	Swellendam
Bonnievale	Langeberg
De Rust	Oudtshoorn
Diazville	Saldanhaabaai
Esselen	Breedevallei
Franschhoek	Stellenbosch
George	George
Graafwater	Cederberg
Greenhaven	Mosselbaai
Hawston	Overstrand
Hopefield	Saldanhaabaai

KwaNokuthula	Bitou
Leeu-Gamka	Prins Albert
Nelspoort	Beaufort-Wes
Prins Albert	Prins Albert
Robertson	Langeberg
Tulbagh	Witzenberg
Vanrhynsdorp	Matzikama
Velddrif	Bergrivier
Witzenville	Witzenberg

Hierbenewens word IKT-dienste wat voorheen in werking gestel is, by 40 persele dwarsoor die Provinsie in stand gehou.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie teen teiken	
	Teiken	Werklik
Getal personeellede aangestel	255	313
Getal mobiele boekwaentjeepersele (<i>Wieliewaentjeepersele</i>) ingestel	5	5
Getal biblioteke met toegang tot die internet	60	60
Getal biblioteke met IKT-infrastruktuur	20	20
Getal biblioteekitems aangekoop	10 000	26 360
Getal nuwe biblioteekfasiliteite ingestel	1	0
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal personeellede aangestel</p> <p>Hierdie is die bevestigde getal personeellede wat by openbare biblioteke aangestel is. Personeel word as 'n strategiese hulpbron deur munisipaliteite geprioritiseer.</p> <p>Getal biblioteekitems aangekoop</p> <p>Besparings op ander begrotingsitems is gebruik om bykomende biblioteekmateriaal aan te koop.</p> <p>Getal nuwe biblioteekfasiliteite ingestel</p> <p>Vertragings met die aanstelling van ingenieurs by die Saldanhaabaai Munisipaliteit, konsolidering van die erf, en die tenderproses het vordering met die bou van die biblioteek vertraag. Tenders is aan die begin van die daaropvolgende finansiële jaar geadverteer.</p>		

Massasport en Ontspanningsdeelnameprogram- toekenning

Die jaar 2010/11 was die sesde jaar van befondsing uit die Voorwaardelike Toekenning. Die doel van die toekenning is om te verseker dat die nasie sport speel en deelneem aan ontspanningsaktiwiteite, wat op sy beurt tot groter toegang tot en geleenthede in sport en ontspanning, sowel as werkskepping lei. Die Departement van Kultuursake en Sport het 'n toekenning van R42 542 miljoen ontvang, wat geormerk is vir die Skolesport Massadeelnameprogram (SSMDP), die Siyadlala Gemeenskap-Massadeelnameprogram (SGMDP) en die Erfenisprogram, wat die Klubontwikkelingsprogram (KOP) ingesluit het, sowel as voetbal- en kulturele ontwikkelingsinisiatiewe in die Provinsie.

Klubontwikkelingsprogram

Deur middel van die Voorwaardelike Toekenning het ons 106 mense in geleentheidsbestuur opgelei, 609 mense as tegniese beamptes, 424 plaaswerkers in administrasie, 35 in eerstehulp en 99 in lewensvaardighedeprogramme. Ons het ook deur die Klubontwikkelingsprogram 210 klubs in stand gehou en gereedskap en toerusting aan 217 klubs in die program oorhandig.

Siyadlala Gemeenskap-Massadeelnameprogram

Baie deelnemers het toegang tot sport by die 44 spilpunte oor die lengte en breedte van die Wes-Kaap verkry. 'n Daadwerklike poging is ook aangewend om sportgeleenthede vir die plaaswerkgemeenskap te skep. Deurlopende besprekings hieroor is tussen die Departement en die relevante plaaswerkerstrukture gehou.

Terselfdertyd is werkgeleenthede vir 148 spilpunt- en/of aktiwiteitskoördineerders geskep. Hierdie koördineerders het toerusting vir hul spilpunte ontvang sodat hulle die hulpbronne kon hê om toegang en geleenthede vir almal deur middel van sport en ontspanning te skep. In die uitvoering van hierdie taak, het die koördineerders verseker dat ontspanning, menslike beweging en verskeie aangepaste aktiwiteite aangebied word.

Ten einde die kapasiteit van die spilpunte en aktiwiteitskoördineerders uit te brei, is hulle verder onderrig deur kursusse in afrigting, tegniese kodevaardighede, administrasie, eerstehulp, lewensvaardighede en geleentheidsbestuur. Dit was nie slegs tot hulle voordeel nie, maar het ook die onderskeie atlete blootgestel aan 'n hoër vlak van afrigting omdat hul afrigters beter toegerus was. Die sportjaar het gekulmineer in deelname deur geselekteerde atlete aan 'n baie suksesvolle provinsiale Balspeltoernooi. Die spelers het enorme potensiaal getoon, terwyl die koördineerders onberispelike administratiewe en organisatoriese vaardighede en afrigtingsvermoë getoon het, sowel as eerstehulp- en lewensvaardighede.

Skolesportmassadeelnameprogram

In totaal het 'n gemiddelde getal van ongeveer 77 478 leerders/atlete op 'n maandelikse basis aan die Departement se MGO-Sportprogram deelgeneem. Die program bied na-skoolse aktiwiteite by 'n MGO-Sportsentrum vir leerders van die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior fase en VOO-bandpatrone.

Oor die algemeen word die MGO-Sentrums by die skole geplaas en funksioneer hulle op die skoolterrein om sodoende toegang tot sport en ontspanningsaktiwiteite aan elke skool se leerders te bied. Die afrigters wat die deelnemers by die sentrums afrig, word die geleentheid gebied om verskeie geakkrediteerde kursusse te doen, sodat hulle ten minste 'n "O-vlak"-kwalifikasie in die relevante kodes wat die atlete by die MGO-Sportsentrums beoefen, kan verwerf. Hierna, deur die talentidentifiseringstelsel en -prosesse, word atlete met potensiaal uitgesoek vir verdere opleiding by die Distriksgebaseerde *SHARP*-Sportsentrums. Hulle sal blootgestel word aan opleiding met afrigters wat geakkrediteerd is met ten minste 'n Vlak1-sertifikaat in die spesifieke kode(s) wat hulle aanbied.

By die *SHARP*-Sportsentrum se talentidentifiseringskampe ondergaan leerders 'n naweek se intense, gespesialiseerde opleiding in die sportkode waarvoor hulle gekeur is. Daarbenewens word deelnemers se vermoë verder opgebou deur verskeie toepaslike lewensvaardighedsprogramme.

In ooreenstemming met bogenoemde benadering, word atlete, wanneer hulle gekeur word om die seisoenale provinsiale talentidentifiseringskamp by te woon vir maandelike opname in die Wes-Kaap Sportskool (WKSS), afgerig oor 'n naweek van intense, gespesialiseerde opleiding in die spesifieke kode waarvoor hulle gekeur is, deur afrigters wat geakkrediteer is met ten minste 'n Vlak 2-sertifikaat. Hier word deelnemers se vermoë ook deur verskeie relevante lewensvaardighedsprogramme verder opgebou.

In die praktyk is die Skolesportmassadeelnameprogram se fokus op spel en ontspanning. Dit gee ook aan deelnemers die grondbeginsels in 'n Getalgetal verskillende sportkodes. Die leerders kry dus die geleentheid om ingeligte keuses met betrekking tot hul pad vorentoe in en deur sport uit te oefen.

Soos in die geval van die koördineerders van die Siyadlala Gemeenskap-Massadeelnameprogram, word die koördineerders en afrigters in die Skolesportmassadeelnameprogram ook toegang gebied tot werkseleenthede. Werkervaring en kapasiteitsbou deur verskeie geakkrediteerde kursusse. Die onderrig en ervaring wat deur hierdie soort toegang verkry word, blyk uit die manier waarop die koördineerders en afrigters hul take verrig, asook in die toename in vaardighede wat deur hul onderskeie atlete getoon word.

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie teen teiken	
	Teiken	Werklik
Getal klubs ingestel	50	0
Getal klubs in stand gehou	265	210
Getal basiese kursusse aangebied in Sport en Ontspanning en Administrasie	40	2
Getal sport-spesifieke kursusse aangebied	40	15
Getal afrigters / tegniese beamptes opgelei	790	609
Getal atlete wat op 'n weeklikse grondslag aan die klubontwikkelingsprogramme en -aktiwiteite deelneem	7 500	5 992
Getal klubs aan wie toerusting en klerasie verskaf is	315	217
Getal diensvlakoooreenkomste met provinsiale sportfederasies en munisipaliteite	14	6
Getal federasieskakeelbeamptes aangestel	18	0
Getal koördineerders aangestel	8	7
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal klubs ingestel</p> <p>Weens die hoër koste van <i>Fanjols</i> vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die <i>Fanjols</i> te dek en geen nuwe klubs kon dus ingestel word nie.</p>		

Getal klubs in stand gehou

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en kon die Departemen dus slegs 210 klubs in stand hou.

Getal Basiese kursusse aangebied in Sport en Ontspanning en Administrasie

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en is daar dus slegs twee kursusse aangebied.

Getal sportspesifieke afrigterskursusse aangebied

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en is daar dus slegs 15 kursusse aangebied.

Getal afrigters / tegniese beamptes opgelei

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en is daar dus slegs 609 afrigters en tegniese beamptes opgelei.

Getal atlete wat op 'n weeklikse grondslag aan die klubontwikkelingsprogramme en -aktiwiteite deelneem

Die klubs wat nie ingestel kon word nie, het 'n direkte impak op hierdie aanwyser gehad aangesien minder deelnemers aangeteken is.

Getal klubs aan wie toerusting en klerasie verskaf is

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en kon slegs 217 klubs dus met toerusting en klerasie voorsien word.

Getal diensvlakooreenkomste wat met provinsiale sportfederasies en munisipaliteite gesluit is

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en kon slegs ses federasies vir diensvlakooreenkomste in aanmerking kom.

Getal federasieskakeelbeamptes aangestel

Weens die hoër koste van *Fanjols* vir die 2010 FIFA Wêreldbeker, is fondse herlei om die addisionele koste van die *Fanjols* te dek en is daar dus geen federasieskakeelbeamptes aangestel nie.

Siyadlala Gemeenskapsmassadeelnameprogram

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie teen teiken	
	Teiken	Werklik
Toerusting en klerasie vir nuwe spilpunt- en aktiwiteitskoördineerders	52	21
Stel nuwe spilpunte in	1	2
Bied opleidingskursusse aan in afrigting, tegniese beampstekunde en geleentheidsbestuur, en vir plaaswerkerontwikkeling	4	8
Bied Streeksbalspeltoernooi aan	15	4
Stel aktiwiteits- en kernpuntkoördineerders aan	9	9
Bied provinsiale funksies aan	2	2
Bied opleidingskursusse aan in afrigting, administrasie, tegniese beampstekunde, en vir plaaswerkerontwikkeling	408	424

Totale deelname in aktiwiteite	100 000	85 220
Bied opleidingskursusse in eerstehulp aan	102	1 kursus (35 deelnemers)
Bied opleidingskursus in geleentheidsbestuur aan	102	2 kursusse (106 deelnemers)
Bied opleidingskursus in lewensvaardighede aan	102	4 kursusse (99 deelnemers)
Voertuie aangekoop	3	4
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Toerusting en klerasie vir nuwe spilpunt- en aktiwiteitskoördineerders Slegs 21 spilpunte moes toegerus word.</p> <p>Stel nuwe spilpunte in Weens die behoefte, sowel as die beskikbaarheid van hulpbronne op daardie tydstip, is 'n addisionele spilpunt ingestel.</p> <p>Bied opleidingskursusse aan in afrigting, tegniese beamptekunde en geleentheidsbestuur, en plaaswerkerontwikkeling Hierdie teiken is oorskry omdat die kursusse afsonderlik gedoen is, en nie kollektief soos in die prestasie-aanwyser aangegee word nie.</p> <p>Bied Streeksbaltoernooi aan Die teiken is nie bereik nie, aangesien 'n besluit geneem is om die Balspeltoernooi in bepaalde groepe te kanselleer toe die relevante koördineerders versuim het om die nodige verskaffingskettingsbestuur- (VKB) prosedures na te kom.</p> <p>Bied opleidingskursusse aan in afrigting, administrasie, tegniese beamptekunde, en vir plaaswerkerontwikkeling Die getal kursusse aangebied is vermeerder, dus het die getal persone wat dit bywoon, toegeneem.</p> <p>Totale deelname in aktiwiteite Soos hierbo genoem, het die Balspeltoernooi in bepaalde groepe nie plaasgevind nie en dit het bygedra tot die afwyking.</p> <p>Bied opleidingskursusse in eerstehulp aan Met assessering van koördineerders wat Vlak 1-Eerstehulp-opleiding benodig, is daar vasgestel dat 60 koördineerders die opleiding in 2009 ondergaan het. Aangesien Vlak 1-Eerstehulp-opleiding vir drie jaar geldig is, het slegs 48 koördineerders opleiding benodig. Uit die 48 kandidate, het 13 kandidate van die Boland en Weskusstreek versuim om die opleiding by te woon.</p> <p>Voertuie aangekoop Die uiteindelijke behoefte was om elk van die vier streke te dek.</p>		

Skolesportmassadeelnameprogram

Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie teen teiken	
	Teiken	Werklik
Getal deelnemende skole/sentrums	106	106
Getal deelnemende toernooierekse	49	49
Getal sportassistent/opvoeders opgelei	204	204
Getal skool-/sentrumgebaseerde feesdae gehou	196	196
Getal Distriksgebaseerde talentidentifiseringsfeesdae gehou	16	16
Getal provinsiegebaseerde talentidentifiseringsfeesdae gehou	2	2
Getal sportassistent vir wie toerusting en klerasie verkry is	204	204

Getal sportassistente/opvoeders opgelei as Vlak "0"- en/of Vlak 1-afrieters in minstens ses sportkodes	204	204
Voertuie aangekoop	4	4
Redes vir groot afwykings: Geen afwykings.		

2.2 Programprestasie

OPSOMMING VAN PROGRAMME

- Program 1: Administrasie
- Program 2: Kultuursake
- Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste
- Program 4: Sport en Ontspanning

DIENSLEWERINGPRESTASIES

Program 1: Administrasie

Subprogram 1.1: Kantoor van die Provinsiale Minister

Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om sekretariële, logistiese, administratiewe/ kantoorsteun en parlementêre skakelingsteun te lewer.	Drie dae-omkeertyd vir reaksie op alle dokumente by die kantoor ingedien en korrespondensie gerig aan die Provinsiale Minister	3 dae	5 dae
	Verseker dat notule binne sewe dae na vergaderingdatum aan topbestuur gestuur word	7 dae	7 dae
Redes vir groot afwykings: Die teikens is met die vorige Ministerie ooreengekom en personeelverandering het in September 2010 plaasgevind.			

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om 'n geskikte Finansiële Bestuurverbeteringsplan (FBVP) te institusionaliseer.	Ontwikkel/implementeer/handhaaf 'n raamwerk om vermoë van finansiespersoneel te bou	1 ontwikkelde implementeringsplan	1
	Getal kursusse bygewoon en geslaag	32	32
Om 'n ten volle effektiewe finansiële rekeningkunde-funksie aan die Departement te lewer	'n Skoon ouditverslag	1	1
Om die finansiële bestuursvermoë van VKB tot Vlak 3 te verhoog	'n Volledige Bateregister wat in stand gehou word	1 Volle nakoming van artikel 38 van die WOFB	1

Om die finansiële bestuursvermoë van VKB tot Vlak 3 te verhoog	Ontwikkel/implementeer/verfyn/handhaaf 'n dinamiese aanbodkettingbestuur- (AKB) beleid	Ontwikkel/geïmplementeer/verfyn/gehandhaaf	0
	Ontwikkel/implementeer/verfyn/handhaaf 'n Rekenpligtige Beampte-raamwerk	'n Konsekwente stel delegerings ontwikkel/geïmplementeer/verfyn/gehandhaaf	0
Redes vir groot afwykings: Die Provinsiale Tesourie is besig om die Rekenpligtige Beampte-raamwerk te hersien.			

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Bestuur en omskep beleide in strategieë in die Departement van Kultuursake en Sport	Implementering van diensleweringinisiatiewe	8	8
	Gedetailleerde jaarverslag oor Monitering en Evaluering (M&E)	1	1
	Getal evaluerings uitgevoer	3	3
	Getal terreinbesoeke onderneem	24	24
Redes vir groot afwykings: Nie van toepassing nie.			

Program 2: Kultuursake

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanduiding aanwyser	Teiken	Werklik
Om kundisdisiplines tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder.	Getal koördinerende strukture ingestel	4	4
	Getal diensvlakoooreenkomste aangegaan	1	1
	Getal geleenthede georganiseer	25	44
	Getal deelnemers gelok (diversifikasie demografiese mengsel)	4 000	3 073
	Getal betekenisvolle dae aangebied	2	1
	Getal kunstenaars opgelei	50	147
	Getal kultuuradministrateurs opgelei	20	60
	Getal geakkrediteerde (SAKO, internasionaal en nasionaal) programme verskaf	2	4
	Getal leerderskapprogramme	1	4
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal geleenthede georganiseer Die toename in die getal geleenthede wat georganiseer is, kan toegeskryf word aan die vennootskappe met munisipaliteite en ander relevante rolspelers. Dit het meer hulpbronne ingebring en meer geleenthede kon aangebied word as wat met beskikbare departementele fondse moontlik sou wees. .</p> <p>Aantal deelnemers gelok Die afname in die getal deelnemers word aan verskeie redes toegeskryf: Benadeelde gemeenskappe in stedelike areas is geteiken, die ekonomiese afswaai het 'n beperking op deelname gehad, die probleme met vervoer in die landelike gebiede, en die Departement se fokus, soos met die organisasies ooreengekom, was op opleiding van die opleier.</p> <p>Aantal betekenisvolle dae aangebied Die Kuns en Kultuurkomponent het gedurende die jaar slegs een betekenisvolle dag aangebied. Soos onder Subprogram 2.3 gemeld, het die Museumdiens, in samewerking met die SA Sendinggestig Museum in Kaapstad, die ander betekenisvolle dag wat beplan is, aangebied, naamlik Vryheidsdag op 27 April 2010 toe die nuwe permanente uitstalling by die Museum en die rondreisende uitstalling oor Nasionale Simbole aangebied is. Dit is ingesluit onder die prestasie-aanwyser vir geleenthede wat by provinsie-ondersteunde museums aangebied is.</p> <p>Aantal kunstenaars opgelei As gevolg van 'n konsolidering van opleidingsprogramme kon meer kunstenaars opgelei word en dit verklaar die toename in die getal kunstenaars wat opgelei is.</p> <p>Getal kultuuradministrateurs opgelei Opleidingskursusse is gekonsolideer en is by die kultuurfasiliteit aangebied, eerder as by die onderskeie terreine. Weens verlaagde kostes is meer kursusgangers toegelaat.</p> <p>Getal geakkrediteerde (SAKO, internasionaal en nasionaal) programme verskaf Hoewel die Departement slegs twee SAKO-geakkrediteerde programme vir die jaar beplan het, kon die vennote gedurende die jaar, danksy 'n vennootskap met die Stad Kaapstad, twee bykomende geakkrediteerde eerstehulp-opleidingsprogramme vir inisiasieaanbied.</p> <p>Getal leerderskapprogramme geïnisieer As gevolg van die sukses van die ooreenkoms tussen die Departement en die Suidoosterfees in die vorige jaar, het die Suidoosterfees meer internskappe gedurende die 2011-Suidoosterfees verskaf.</p>			

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om kunstdisiplines tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te laat vorder.	Persentasie befondsing toegeken aan organisasies wat VBP'e bevoordeel	50%	50%
Om geskikte en doeltreffende professionele en administratiewe steun te verleen aan openbare entiteite en staatsorgane onder die Departement se toesig.	Bedrag befondsing wat aan die Wes-Kaap Kultuurkommissie voorsien is	R100 000	R100 000
Om kunstdisiplines tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te laat vorder.	Getal vennootskappe met professionele organisasies en instellings	5	11
Om geskikte en doeltreffende professionele en administratiewe steun te verleen aan openbare entiteite en staatsorgane onder die Departement se toesig.	Getal voltallige en subkomiteevergaderings gehou	Voltallig 4 Subkomitee 12 Uitvoerende Komitee 2 Strategiese Beplanning 1	4 12 1 1
Om kunstdisiplines tot lewensvatbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te laat vorder.	Getal kunstenaars met befondsing van NRO's opgelei	300	554
	Getal mentorprogramme aangebied	12	15
	Ontwikkeling van gehore gemeet aan die Getalgetal persone wat openbare optredes bywoon	5 000	5 660
Redes vir groot afwykings:			
Aantal vennootskappe met professionele organisasies en instellings Die toename kan toegeskryf word aan die feit dat gedurende die oorsigjaar meer vennootskapsooreenkomste met professionele organisasies en die private sektor gesluit is as wat oorspronklik verwag is.			
Aantal Uitvoerende Komiteevergaderings gehou Slegs een Uitvoerende Komiteevergadering van die Wes-Kaap Kultuurkommissie is gehou, aangesien geen dringende aangeleentheid 'n tweede vergadering geregverdig het nie.			
Aantal kunstenaars opgelei met befondsing van NRO's Die toename in die getal kunstenaars wat opgelei is, is as gevolg van die groter sinergie onder die befondsde organisasies, veral in die musiek- en dramagenres. Dit het gelei tot gesamentlike opvoerings en wisselwerkingtussen die organisasies. Aantal mentorprogramme geïnisieer Hierdie toename is as gevolg van die paring van organisasies om organisasies met minder vermoë in staat te stel om gementor te word deur organisasies wat die nodige vaardighede en ervaring het.			
Ontwikkeling van gehore in terme van die Getalgetal persone wat openbare optredes bywoon Die toename in die aantal persone wat opvoerings bywoon, kan toegeskryf word aan die nuwe belang wat gewek word deur die programme wat aangebied word en wat nuwer en jonger gehore lok, veral in landelike gebiede.			

Subprogram 2.3:: Museum en Erfenishulpbrondiens

Museumdiens

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanduiding aanwyser	Teiken	Werklik
Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te bespoedig deur verskeie dienste te verskaf wat deur die verwante museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings die erfenis van die Wes-Kaap bewaar, ontwikkel en bevorder.	Getal vennootskapsooreenkomste aangegaan	4	4
	Getal brosjures en publikasies versprei	1	5
	Getal programme wat kultuurtoerisme bevorder	1	1
	Getal erfenisterreine wat geïdentifiseer is en in toerismoetes ingesluit is	Sien Jaarverslag van Erfenis Wes-Kaap	

	Getal geografiese name hersien	50	50
Redes vir groot afwykings: Getal brosjures en publikasies versprei Vyf brosjures is gedurende die jaar deur die Museumdiens opgestel en versprei. Die rede vir die toename was 'n aanvraag deur geaffilieerde museums om gidsboeke vir museumbesoekers te lewer.			

AANGEPAS: PROVINSIE-SPEKIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS				
Strategiese doelwit	Prestasie-aanduiding aanwyser	Teiken	Werklik	
Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te bespoedig deur verskeie dienste te verskaf wat deur die verwante museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings die erfenis van die Wes-Kaap bewaar, ontwikkel en bevorder.	Getal persone wat provinsie-ondersteunde en plaaslike museums besoek en hulle geriewe gebruik (vir verslagdoeningsdoeleindes, die syfer sluit provinsiale museums in)	400 000	331 184	
	Getal permanente uitstallings deur die Museumdiens geïnstalleer	2	2	
	Stel 'n gekonsolideerde Provinsiale Museumdiensbeleid en nuwe wetgewing vir provinsiale museums op	Provinsiale museumwetgewing deur Provinsiale Parlement gepromulgeer hangende konsultasie-prosesse		'n Konsepbeleid deur die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning afgeteken
	Aanstelling van beheerliggaamlede vir geaffilieerde museums, aangestel vir die volgende ampstermyn en toegerus met kapasiteit	0	0	
	Getal provinsie-ondersteunde museums in stand gehou	19	18	
	Getal plaaslike museums in stand gehou	4	4	
	Getal geleenthede deur die Museumdiens aangebied in vennootskap met 'n geaffilieerde museum (Internasionale Museumdag en Erfenisdag)	2	3	
	Aantal deelnemers aan skole-uitreikprogramme deur die Museumdiens aangebied	200	278	
	Aantal geaffilieerde museums bygestaan met die opstel, hersiening, implementering en monitering van versamelingsbeleide	12	13	
	Aantal geaffilieerde museums bygestaan met die opstel, hersiening, implementering en monitering van voorkomende bewaringsplanne	12	12	
	Aantal navorsingsprojekte voltooi	3	3	
	Aantal rondreisende uitstallings voltooi	1	2	
	Aantal geaffilieerde museums bygestaan met opgradering van onderwysprogramme	2	2	
	Aantal nuwe onderwysprogramme deur die Museumdiens ontwikkel	3	3	
Aantal geaffilieerde museums wat aan SAMA Professionele Standaard en Transformasie-aanwysers voldoen	6	6		
Redes vir groot afwykings: Aantal persone wat provinsiale, provinsie-ondersteunde en plaaslike museums besoek en hul fasiliteite gebruik Die rede vir die groot afwyking kan toegeskryf word aan die ekonomiese afswaai, stygende brandstofkoste en 'n afname in die aantal leerders wat toegelaat word om museums gedurende skoolure te besoek.				
Aantal deelnemers aan skole-uitreikprogramme deur die Museumdiens aangebied Die aantal leerders wat deelneem, word bepaal deur die getal leerders per klas in elke graad en waar die skole geleë is. Die Museumdiens het geen beheer daaroor nie.				
Aantal geleenthede deur die Museumdiens aangebied in vennootskap met geaffilieerde museums 'n Bykomende geleentheid is op Vryheidsdag op 27 April 2010 by die SA Sendinggestig Museum aangebied.				
Aantal geaffilieerde museums bygestaan met die opstel, hersiening, implementering en monitering van versamelingsbeleidsrigtings Versamelingsbeleidsrigtings vir al vier die provinsiale museums en die 11 geaffilieerde museums is gedurende die 2010/11-finansiële jaar hersien. Die nuwe elektroniese aanwysregisterbeleid is ook deur die Museumdiens aanvaar.				
Aantal geaffilieerde museums bygestaan met die opstel, hersiening, implementering en monitering van voorkomende bewaringsplanne As gevolg van die inisiatiewe van die Museumdiens en beheerliggame en personeel om die uitdagings ten opsigte van die bewaring van museumversamelings die hoof te bied, is drie provinsiale museums, agt provinsie-ondersteunde en een plaaslike museum ondersteun om voorkomende bewaringsplanne op te stel, te hersien, te implementeer of te moniteer.				
Aantal rondreisende uitstallings voltooi				

'n Bykomende geleentheid het opgeduik om 'n vennootskap te sluitmet die V&A Waterfront Maatskappy (Edms.) Bpk. vir die bekendstelling van die Nobelplein rondreisende uitstalling. Die Museumdiens kon dus een bykomende rondreisende uitstalling wat deur die Maatskappy befonds is, aanbied.

PROVINSIALE MUSEUMS: BARTOLOMEU DIAS MUSEUM, MOSSSELBAAI, GEORGE MUSEUM, WORCESTER MUSEUM EN DIE KAAPSE MEDIESE MUSEUM

Strategiese doelwit	Prestasie-aanduiding aanwyser	Teiken	Werklik
Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te bespoedig deur verskeie dienste te verskaf om deur die verwante museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings, die erfenis van die Wes-Kaap te bewaar, ontwikkel en bevorder.	Getal geleenthede deur die provinsiale museums aangebied	12 by die Bartolomeu Dias Museum	11
		2 by die Kaapse Mediese Museum	2
		2 by die George Museum	9
		3 by die Worcester Museum	10
	Getal museumversamelings of artefakte deur provinsiale museums verkry	1 by die Bartolomeu Dias Museum	0
		1 by die Kaapse Mediese Museum	1
		1 by die George Museum	3
		1 by die Worcester Museum	77
	Versamelingsbeleid geïmplementeer	1 by die Bartolomeu Dias Museum	1
		1 by die Kaapse Mediese Museum	1
		1 by die George Museum	1
		1 by die Worcester Museum	1
	Voorkomende bewaringsplan geïmplementeer	1 by die Bartolomeu Dias Museum	1
		1 by die Kaapse Mediese Museum	1
		1 by die George Museum	1
		1 by die Worcester Museum	1
	Getal uitstallings deur die Museumdiens geïnstalleer	3 by die Bartolomeu Dias Museum	5
		2 by die Kaapse Mediese Museum	2
		1 by die George Museum	6
		9 by die Worcester Museum	10
	Getal deelnemers aan opvoedkundige programme deur die Museumdiens aangebied	1 500 by die Bartolomeu Dias Museum	4 688
		2 000 by die Kaapse Mediese Museum	1 070
		2 000 by die George Museum	1 931
		12 000 by die Worcester Museum	8 308
Getal besoeke van skole aan provinsiale museums	24 by die Bartolomeu Dias Museum	124	
	12 by die Kaapse Mediese Museum	35	
	12 by die George Museum	41	
	48 by die Worcester Museum	178	

Redes vir groot afwykings:**Aantal geleenthede deur die provinsiale museums aangebied**

Provinsiale museums kon meer geleenthede as oorspronklik beplan aanbied vanweë die geleentheid om byeenkomste wat betekenisvolle dae herdenk, aan te bied. Hierdie geleenthede is in medewerking met ander strategiese vennote aangebied.

Getal museumversamelings of artefakte deur provinsiale museums verkry

As gevolg van 'n veldtog om artefakte en voorwerpe te versamel wat tot 'n meer verteenwoordigende versameling bydra, kon die Worcester Museum gedurende die jaar sy versameling beduidend uitbrei. Die George Museum kon ook sy versameling vergroot. Dit maak deel uit van die langtermyntransformasie-agenda in ooreenstemming met die versamelingsbeleid van al die provinsiale museums.

Aantal uitstallings by provinsiale museums geïnstalleer

Die meeste provinsiale museums kon bykomende rondreisende of spesiale uitstallings van die Museumdiens en ander erfenis- en verwante instellings kry om ten toon te stel. Die oprigting van hierdie uitstallings het nie enorme hulpbronne benodig nie. Die doel is om die belangstelling van inwoners en toeriste te prikkel sodat hulle die museums meer dikwels sal besoek.

Getal deelnemers aan opvoedkundige programme deur provinsiale museums aangebied

Die wisselende getalle deelnemers aan opvoedkundige programme by provinsiale museums is as gevolg van die besluit om besoeke deur skoolleerders gedurende skoolure tot 'n minimum te beperk. Die toename in die getal leerders by die Bartholomeu Dias Museum in Mosselbaai is hoofsaaklik as gevolg van besoeke deur skoolgroepe uit ander provinsies en onafhanklike skole, sowel as die program wat tydens die Diasfees in Februarie 2011 aangebied is.

Aantal besoeke van skole aan provinsiale museums

Die toename in die aantal skoolklasse of -groepe wat provinsiale museums besoek het, was as gevolg van die gebruik van kleiner busse om groepe te vervoer. Die ekonomiese afswaai het groot voertuie vir die vervoer van leerders onbekostigbaar gemaak.

Erfenishulpbronbestuurdienste

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Bespoediging van die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap deur die lewering van verskeie dienste om die erfenis van die Wes-Kaap deur die verwante museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings te bewaar, te ontwikkel en te bevorder.	Lede van die Raad van Erfenis Wes-Kaap aangestel vir die volgende ampstermyn van die Raad	Aanstelling van nuwe Raad vir Erfenis Wes-Kaap vir 'n 3-jaar termyn	Aanstelling van nuwe Raad vir Erfenis Wes-Kaap vir 'n 3-jaar termyn
	Lede van die Raad en sy Komitees met bevoegdheid toegerus	1	1
Redes vir groot afwykings:			
Geen groot afwykings nie.			

Subprogram 2.4: Taaldienste

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
	Aantal dokumente vertaal	150	817
Om veeltaligheid te bevorder, die taalwanbalanse van die verlede te herstel, en om ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap, te bevorder.	Aantal veeltaligheidpublikasies versprei	2	3
	Aantal vertolkingsdienste gelewer	14	17
	Aantal persone bemagtig om vertaaldienste te lewer	24	25
	Aantal taalkoördinerende strukture ingestel	1	1

Redes vir groot afwykings:**Aantal dokumente vertaal**

Meer versoeke vir die vertaling van dokumente in die oorsigjaar ontvang as gevolg van 'n groter bewustheid van en behoefte aan vertaalde dokumente by provinsiale departemente wat die Provinsiale Taalbeleid implementeer.

Aantal veeltaligheidspublikasies versprei

Drie publikasies is versprei. Die rede vir die afwyking was die behoefte aan meer kopieë van die Provinsiale Taalbeleid vir gebruik tydens besoeke aan provinsiale departemente tydens die Taalbeleid-bewustheidsveldtog.

Aantal vertolkingsdienste gelewer

Die hoeveelheid vertolkingsdienste wat deur Taaldienste gelewer is, het die geraamde teiken oorskry as gevolg van die toename in die getal versoeke wat vir vertolkingsdienste ontvang is.

Aantal persone bemagtig om vertaaldienste te lewer

Hierdie aanwyser is oorskry as gevolg van die aanstelling van 'n bykomende taalpraktisyn in een van die provinsiale departemente.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS

Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om veeltaligheid te bevorder, dietaalwanbalanse van die verlede te herstel, en om ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale, sowel as Gebaretaal in die Wes-Kaap, te bevorder.	Oordragbetaling aan die Wes-Kaapse Taalkomitee	R150 000	R150 000
	Aantal voltallige en subkomiteevergaderings waar administratiewe ondersteuning voorsien word	4	4
	Aantal Provinsiale Taalforumvergaderings	6	6
	Aantal aktiwiteite om veeltaligheid te bevorder	3	5
	Aantal projekte omtaalwanbalanse van die verlede te herstel	2	2
	Aantal projekte om voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Gebaretaal aktief te ontwikkel	3	7
	Aantal departemente aan wie dienste gelewer is	12	12

Redes vir groot afwykings:**Aantal aktiwiteite gemik op bevordering van veeltaligheid**

Die toename in die aantal aktiwiteite kan toegeskryf word aan die grotergetal versoeke wat ontvang is om aandag te gee aan veeltaligheidsbehoefes in die Departement (oorsig van kennisgewingstekens) en 'n geleentheid tydens die oorsigjaar vir interaksie met internasionale taalkundiges. Geen bykomende fondse is benodig nie. **Aantal projekte gemik op aktiewe ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Gebaretaal**

Die toename in die aantal projekte gemik op ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Gebaretaal is as gevolg van 'n toename in vennootskappe en geleenthede wat nie bykomende fondse benodig het nie.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste**Subprogram 3.2: Biblioteekdienste****AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS**

Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om biblioteekdienste aan alle burgers van die Wes-Kaap te ondersteun en verbeter	Aantal nuwe biblioteekitems voorsien	215 000	303 326
	Getal tydskrifinskrywings	6 951	7 027
	Aantal reklameprojekte	12	13
	Aantal biblioteekgebruikers per jaar	1 100 000	1 260 901
	Aantal biblioteekbesoeke en biblioteke gemoniteer deur provinsiale personeel	840	948
	Aantal opleidingsprogramme voorsien vir openbare biblioteekpersoneel	13	14

	Aantal biblioteekwerkers opgelei	250	321
	Aantal biblioteke ondersteun	334	336

Redes vir groot afwykings:

Aantal nuwe biblioteekitems voorsien

Die beduidende toename is bereik deur 'n spesiale projek waartydens personeel oortyd gewerk het. Die personeeltal in hierdie afdeling was ook stabiel, met geen vakatures nie. **Getal tydskrifinskrywings**

Bykomende tydskrifte en koerante is vir *Boekwaentjie*projekte en nuwe biblioteke aangekoop.

Aantal biblioteekgebruikers per jaar

Die vooruitskatting was 'n onderberaming aangesien die uitwerking van die openbare biblioteke se migrasie na die nuwe SLIMS (*SITA-Library Information Management System*) nie bekend was nie.

Aantal biblioteekbesoeke en biblioteke gemoniteer deur provinsiale personeel

Bykomende besoeke om vir die migrasie na SLIMS voor te berei aangesien daar gedurende dié tyd geen lewering van biblioteekmateriaal sou wees nie.

Aantal biblioteekwerkers opgelei

Om meer openbare biblioteekpersoneel te bereik, is meer personeellede genooi om opleidingsprogramme by te woon. Die aantal wat bygewoon het, kan ook toegeskryf word aan die Voorwaardelike Toekenning wat meer personeellede in staat stel om opleidingsprogramme by te woon.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS

Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om biblioteekdienste aan alle burgers van die Wes-Kaap te ondersteun en te verbeter	Aantal nuwe gerekenariseerde biblioteek- en inligtingsbestuurstelsels geïmplementeer	1	1
	Aantal nuwe biblioteekitems aangekoop	171 000	147 524

Redes vir groot afwykings:

Aantal nuwe biblioteekitems aangekoop

Die gemiddelde prys (R108 per eksemplaar) van biblioteekmateriaal oor die finansiële jaar was hoër as die teikenberaming omdat ingevoerde biblioteekmateriaal 'n groot gedeelte van totale biblioteekaankope uitgemaak het. Die teikenberamingprys was R93 per eksemplaar.

Subprogram 3.3: Argiewe

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS

Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om 'n behoorlike rekordbestuursdiens in regeringsliggame te verseker.	Aantal rekordklassifiseringstelsels geassesseer	40	117
	Aantal rekordklassifiseringstelsels goedgekeur	34	48
	Aantal bestuursliggame nagegaan	30	31
	Aantal rekordbestuur-personeellede opgelei	120	153
	Aantal magtigings uitgereik vir vernietiging	12	12
	Aantal navrae ontvang	1 200	1 616
	Aantal navrae verwerk	1 200	1 616
	Aantal data-gekodeerde inskrywings by NAA/S-datastelle ingedien	60 000	60 275

	Aantal navorsers wat bewaarplekke besoek	7 000	8608
	Aantal argiefgroepe vir herkryging gereël	20	20
	Aantal argivalia (dokumente) herstel	450	554
	Aantal argiefgeriewe ontwikkel	0	0
	Aantal argiefgeriewe opgegradeer	0	0
	Aantal IKT-geriewe vir openbare gebruik voorsien	0	0
Om argiefmateriaal te bewaar en toeganklik te maak.	Aantal lineêre meters opgestel	282	297,80
	Aantal en lineêre meters oordragte van regeringsliggame ontvang	250	257,16
Om 'n behoorlike rekordbestuursdiens in regeringsliggame te verseker.	Aantal bewustheidsprogramme aan gemeenskappe uitgerol	8	8
	Aantal mondelinge geskiedenisprogramme aangebied	2	2
	Aantal internasionale byeenkomste aan deelgeneem	0	2
	Aantal nasionale byeenkomste aan deelgeneem	5	5
	Aantal provinsiale byeenkomste aan deelgeneem	1	1

Redes vir groot afwykings:

Aantal rekordklassifiseringstelsels geassesseer

Die getal getal wysigings van en byvoegings tot klassifiseringstelsels hang af van die aantal versoeke wat van kliëntkantore ontvang word. Die teiken is met 77 oorskry as gevolg van 'n toename in inspeksies oor die afgelope paar jaar waar kliëntkantore geadviseer is om wysigings en byvoegings tot rekordklassifiseringstelsels in te dien.

Aantal rekordklassifiseringstelsels goedgekeur

Veertien meer klassifiseringstelsels is goedgekeur. Die aantal hang af van die getal versoeke wat van kliëntkantore ontvang word.

Aantal rekordbestuurders opgelei

Die teiken is met 33 oorskry as gevolg van versoeke vir addisionele opleidingskursusse by die Stad Kaapstad en die Provinsiale Opleidingsinstituut by Kromme Rhee, wat tot gevolg gehad het dat meer rekordbestuurpersoneel vanjaar opgelei is.

Aantal navrae ontvang

Die totaal van 1 616 was afhanklik van aanvraag, wat toegeskryf is aan die uitreikprogramme, byvoorbeeld Nasionale Argiefweek en ander bewustheidsveldtogte om die gebruik van argiewe te bevorder.

Aantal navrae verwerk

Die getal navrae verwerk is gekoppel aan die getal navrae wat ontvang is.

Aantal data-gekodeerde inskrywings ingedien by NAAIRS-datastelle

Addisionele datavorms is voltooi tydens die proses om korrespondensielêers in argiefgroepe te beskryf en rangskik. As gevolg hiervan is die teiken met 275 oorskry.

Aantal navorsers wat bewaarplekke besoek

Die getal besoekers wat in die leeskamer ontvang is, is met 1 608 oorskry. Dit is 'n direkte gevolg van die uitreikaktiwiteite waar die fokus was op verskeie uitstallings en werksinkels oor populêre argieftemas, soos genealogie, bordpapiermakery en boekbindery. Die argief is nie slegs gedurende normale kantoorure toeganklik nie, maar is ook elke Donderdagaand tot 19:00 oop vir die publiek en die eerste Saterdag van elke kalendermaand van 09:00 tot 13:00. **Aantal argivalia (dokumente) herstel**

Die totale getal bewaringsbehandelings uitgevoer is met 104 oorskry as gevolg van die oppervlakskoonmaak van enkelvel-/losbladdokumente, wat as enkel items bereken is.

Aantal lineêre meters opgestel

Ten einde die teiken van 20 argiefgroepe gereël vir herkryging te behaal, is die lineêre meters met 15,80 oorskry.

Aantal en lineêre meters se oordragte van regeringsliggame ontvang

As gevolg van 'n verskuiwing van 104 lineêre meters wat in die 4^{de} kwartaal ontvang is, is die teiken van 250 lineêre meters met 7,16 oorskry.

Aantal byeenkomste internasionaal aan deelgeneem

Personelede het die geleentheid gehad om deel te neem aan opleiding en 'n vergadering van Mutual se Kultuurerfenisprojek in onderskeidelik, Nederland en die VSA.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om 'n behoorlike rekordbestuurdiens in regeringsliggame te verseker.	Aantal rekords deur navorsers geraadpleeg	40 000	47 369
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Aantal rekords deur navorsers geraadpleeg Die teiken is oorskry aangesien 1 608 meer navorsers gedurende hierdie verslagjaar in die leeskamer ontvang is, met die gevolglike toename van 7 369 rekords wat geraadpleeg is.</p>			

Program 4: Sport en Ontspanning

Subprogram 4.2: Sport

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om ontwikkelings-programme vir sport en ontspanning te voorsien.	Aantal geaffilieerde provinsiale en streeksportfederasies	122	107
	Getal sportadministrateurs en vrywilligers opgelei	700	489
	Getal afrigters opgelei	320	58
	Getal tegniese beamptes opgelei	320	196
	Getal atlete wat bevoordeel is deur sportontwikkelingsaktiwiteite	8 000	5 016
Om gespesialiseerde dienste vir sport en ontspanning te voorsien.	Getal nuwe fasiliteite gebou	1	1
	Getal fasiliteite opgegradeer	2	4
	Getal akademies ingestel	1	0
	Getal deelnemers opgelei en ondersteun deur hoëprestasie-programme	20	25
	Getal talentvolle deelnemers opgeneem in hoëprestasie-strukture en – programme	250	128

Redes vir groot afwykings:

Getal geaffilieerde provinsiale en streeksportfederasies ondersteun

Hierdie aanwyser word aangedryf deur federasies se aansoeke wat aan vereistes voldoen. Die werklike getal word verteenwoordig deur die aansoeke wat ontvang is.

Getal vrywilligers en sportadministrateurs wat opgelei is

Die onderneming wat die federasies volgens die nominasielys gegee het vir volle bywoning van hierdie kursusse, is nie nagekom nie.

Getal afrigters opgelei

Die onderneming wat die federasies volgens die nominasielys gegee het vir volle bywoning van hierdie kursusse, is nie nagekom nie.

Getal tegniese beamptes opgelei

Tegniese kursusse is hoogs gespesialiseerd en meer tydrowend en word dus oor naweke geskeduleer. Dit raak egter die bywoning aangesien genomineerde beamptes oor naweke betrokke is by ligawedstryde.

Getal atlete wat bevoordeel is deur sportontwikkelingsaktiwiteite

Agt ontwikkelingsaktiwiteite moes gekanselleer word. Die SA-Speleprogram is na die volgende finansiële jaar verskuif.

Getal fasiliteite opgegradeer

As gevolg van die 2010 FIFA Wêreldbeker, moes twee addisionele fasiliteite opgegradeer word soos deur die munisipaliteite versoek.

Getal akademies ingestel

Ons is onderhewig aan die uitkoms van die voortdurende besprekings tussen SASCOC en SANW.

Getal deelnemers opgelei en ondersteun deur hoëprestasie-programme

Die afwyking is as gevolg van die feit dat die aantal wat in die bokstoernooi opgeneem is, die basislinsyfer van die nuwe aanwyser oorskry het. 'n Basislyn is nou geskep.

Getal talentvolle deelnemers opgeneem in hoëprestasie-strukture en -programme

Dit is baie moeilik om die getal getal deelnemers wat uiteindelik 'n nasionale span sal behaal akkuraat te skat. Slegs 128 deelnemers van die Wes-Kaap het nasionale spanne behaal.

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om ontwikkelings-programme vir sport en ontspanning te voorsien.	Getal sub-unies/ligas ingestel.	5	5
	Getal persone met gestremdhede wat deelneem aan hoofstroomsport	600	1 831
	Getal vroue en meisies wat deelneem aan hoofstroomsport	1 000	887
Om gespesialiseerde	Getal belangrike byeenkomste gehou	25	22

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
dienste vir sport en ontspanning te voorsien.	Getal welstandskursusse gehou	14	7
	Getal sport en ontspanningsdae gehou	4	0
	Getal werknemers wat die gimnasium gebruik	450	1 228
	Getal toekennings	6	6
	Getal persone aan wie erkenning verleen is	250	440
Om transformasie en geskilbeslegting te voorsien vir sport en ontspanning.	Getal sporttransformasiekomitees ingestel en ondersteun	5	5
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal persone met gestremdhede wat aan hoofstroom sport deelneem Internasionale Gestremdheidsdag het oor 'n tydperk van twee dae plaasgevind in plaas van een dag. 'n Bykomende byeenkoms is ook in Hermanus ondersteun, naamlik die Hermanus Wiele- en Hardloperswedloop (Wedloop vir Gestremdes).</p> <p>Getal vroue en meisies wat aan hoofstroom sport deelneem As gevolg van beperkte finansiële hulpbronne tot ons beskikking, het die Departement 'n beperkte Getalgetal byeenkomste in die 2010/-finansiële jaar ondersteun. Die teiken is dus nie behaal nie.</p> <p>Getal belangrike byeenkomste gehou Provinsiale federasies doen jaarliks aansoek by hulle nasionale federasies om groot byeenkomste aan te bied. Slegs 22 aansoeke het geslaag met hul bod vir groot byeenkomste, alhoewel ons vir 25 begroot en voorberei het.</p> <p>Getal welstandskursusse gehou Weens die herskikking van die toewysing aan die Departement, is slegs sewe kursusse aangebied.</p> <p>Getal sport en ontspanningsdae gehou Kabinet het 'n besluit dat die byeenkomste op 'n Saterdag gehou word, goedgekeur, wat die inskrywingslys geraak het. Die byeenkomste is dus gekanselleer as gevolg van die teleurstellende getal deelnemers.</p> <p>Getal werknemers wat die gimnasium gebruik Die 450 is 'n basislynsyfer wat uit vorige jare geneem is, en die 1 229 is gebaseer op werklike lede wat oor die 12-maande siklus die gimnasium op 'n maand-tot-maandgrondslag gebruik.</p> <p>Getal persone aan wie erkenning verleen is Die Departement het sy kategorieë gebaseer op dié van Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA), wat gelei het tot 'n groter getal provinsiale en streekskategorieë.</p>			

Subprogram 4.3: Ontspanning

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Stratetiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om bystand te verleen met die bevordering van ontspanning.	Getal ontspanningstrukture ondersteun	7	2
	Getal ontspanningsportbyeenkomste / -programme	44	81
	Getal deelnemers aan ontspanningsportbyeenkomste en programme	22 000	28 913

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Redes vir groot afwykings:			
Getal ontspanningstrukture ondersteun Slegs die provinsiale strukture is ondersteun aangesien daar bevind is dat die streeks- en distrikstrukture (komitees) nie funksioneel is nie.			
Getal ontspanningsportbyeenkomste / -programme In plaas van slegs streeksbyeenkomste, is maandelikse kernpuntprogramme ingestel ter voorbereiding vir die streeks- en provinsiale Balsaftoernooi (Februarie 2011 – Maart 2011).			
Getal deelnemers aan ontspanningsportbyeenkomste en -programme Hierdie afwyking is as gevolg van bogenoemde rede.			

Subprogram 4.4: Skoolsport

AANGEPAS: NASIONAAL-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om toegang tot en geleenthede in sport vir alle skole en hul leerders te skep.	Getal leerders wat deelneem aan interprovinsiale (nasionale) sportkompetisies.	2 150	1 339
	Aantal spanne gelewer	24	22
	Getal talentvolle deelnemers opgeneem in hoëprestasie-strukture en –programme	6 450	2 285
Redes vir groot afwykings:			
Getal leerders wat deelneem aan interprovinsiale (nasionale) sportkompetisies. Die Getal sportkodes, sowel as atlete per sportkode, is deur Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA) as gevolg van 'n tekort aan fondse fondse verminder.			
Getal spanne gelewer Bogenoemde rede het die aantal spanne wat gelewer is, geraak.			
Getal talentvolle deelnemers opgeneem in hoëprestasie-strukture en –programme (streke) Die veranderinge wat binne SOSA plaasgevind het ten opsigte daarvan dat federasies skolesportbyeenkomste reël, het dit moeilik gemaak om die teikens te behaal, aangesien federasies op 'n ander manier werk met die organisering van byeenkomste. Watersport het ook nie hul streeksproewe gehou nie. SOSA het kompetisies op nasionale vlak vir bepaalde ouderdomsgroepe beëindig en gevolglik is die toepaslike kompetisies vir hierdie ouderdomsgroepe ook op streeksvlak beëindig.			

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om toegang tot en geleenthede in sport vir alle skole en hul leerders te skep.	Getal streekspanne gelewer	72	52
	Wes-Kaapse Sportskool (WKSS) se leerder/atleet-inskrywing	420	289
	Getal WKSS-atlete in die nasionale skolespanne	108	57
	Getal WKSS-atlete in senior federasiespanne	98	61
	Getal WKSS-atlete in senior federasie nasionale spanne	42	20
	Getal distrikgebaseerde hoëprestasie-sentrums	8	8
	Getal skoolgebaseerde kodes wat interskool-ligawedstryde in elk van die distrikte speel	17	17
	Getal distrikgebaseerde Inheemse Spele-feesgeleenthede	8	7
	Getal afrigtergebaseerde afrigtingsklinieke gehou	4	4
	Getal atleetgebaseerde afrigtingsklinieke gehou	4	4

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
	Getal toekenningsbyeenkomste	5	5
	Getal fasiliteite voorsien en ondersteun	6	2
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal streekspanne gelewer Sport en Ontspanning Suid-Arika (SOSA) het kompetisies op nasionale vlak vir bepaalde ouderdomsgroepe beëindig en gevolglik is die toepaslike kompetisies vir hierdie ouderdomsgroepe ook op streeksvlak beëindig.</p> <p>Wes-Kaapse Sportskool (WKSS) se leerder/atleet-inskrywing Daar was 'n afname in leerderinskrywings gedurende die jaar as gevolg van onderprestasie. Die inname vir die nuwe jaar was kleiner omdat finansiële beperkings gelei het tot 'n vermindering van die aantal beskikbare afrigters .</p> <p>Getal WKSS-atlete in die nasionale skolespanne Minder atlete is vir die nasionale skolespanne gekeur.</p> <p>Getal WKSS-atlete in senior federasiespanne Minder atlete het vir die federasiespanne gekwalifiseer.</p> <p>Getal WKSS-atlete in senior federasie nasionale spanne As gevolg van bogenoemde het minder atlete die federasie nasionale spanne behaal.</p> <p>Getal distrikgebaseerde Inheemse Spele-feesgeleenthede Die funksie sou in medewerking met die Elim Blommeskou-organisasie in die Overberg plaasvind. As gevolg van swak tydsbestuur deur die Elim Blommeskou-organisasie, moes die funksie gekanselleer word.</p> <p>Getal fasiliteite voorsien en ondersteun Weens die styging in kostes, kon die ontwikkeling van slegs twee fasiliteite ondersteun word.</p>			

Subprogram 4.5: 2010 FIFA Wêreldbeker-eenheid

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
Om 'n bemagtigende milieu te skep vir die geslaagde aanbieding van die 2010 FIFA Wêreldbekertoernooi in die Wes-Kaap.	Sokker-ontwikkelingsprogramme geïmplementeer	2	2
	Getal gespesialiseerde voetbalklinieke gehou	6	6
	Getal jongmense opgelei by gespesialiseerde klinieke	120	120
	Getal voetbalklubs gekoppel deur die "Sterre-in-hul-oë"-voetbal-ontwikkelingsprogram	20	10
	Getal afrigters opgelei deur die "Sterre-in-hul-oë"-voetbal-ontwikkelingsprogram	60	115
	Getal jongmense tussen die ouderdom van 12 en 17 jaar afgerig deur "Sterre-in-hul-oë"-gegradueerde afrigters	200	225
	Getal straatvoetbalbyeenkomste gebruik om vaardighede in die gemeenskap te ontwikkel	5	7
	Getal vrywilligers opgelei in voorbereiding vir die 2010-toernooi	215	240
	Getal gemeenskapsbyeenkomste bygewoon deur Wes-Kaapse ambassadeurs (optredes) om die 2010-toernooi te bemark	20	23
	Getal gemeenskapsklinieke wat ambassadeurs gebruik	4	12
	Getal skoolprogramme geïmplementeer deur ambassadeurs om die 2010-toernooi te bemark	6	6
	Getal kapasiteitsbou-werkswinkels	2	2
	Getal provinsie-ondersteunde Openbare Kykgebiede vir die 2010 FIFA Wêreldbeker	5	5
	Getal belangrike byeenkomste	1	1

AANGEPAS: PROVINSIE-SPESIFIEKE PRESTASIE-AANDUIDINGS			
Strategiese doelwit	Prestasie-aanwyser	Teiken	Werklik
	Getal bemerkings- en reklamegeleenthede om 2010 in profiel te teken	2	2
	Getal kultuurprogramme by voetbalbyeenkomste aangebied	5	5
	Getal skole geteiken vir "My 2010-Skoolavontuur"-program	1 540	1 540
<p>Redes vir groot afwykings:</p> <p>Getal voetbalklubs gekoppel deur die "Sterre-in-hul-oë"-voetbal-ontwikkelingsprogram Hoewel klubafrigters (van die 10 SAFA-klubs) opgelei is, kon ons Nederlandse vennote in die program nie ten tye van publikasie bevestig of hulle met die 10 klubs sou koppel nie.</p> <p>Getal afrigters opgelei deur die "Sterre-in-hul-oë"-voetbal-ontwikkelingsprogram Weens die uniekheid van die 2010 FIFA Wêreldbekergeleentheid, het die aanvraag die teikens wat aanvanklik gestel is, oorskry.</p> <p>Getal jongmense tussen die ouderdom van 12 en 17 jaar afgerig deur "Sterre-in-hul-oë"-gegradueerde afrigters Weens die uniekheid van die 2010 FIFA Wêreldbekergeleentheid, het die aanvraag die teikens wat aanvanklik gestel is, oorskry.</p> <p>Getal straatvoetbalbyeenkomste gebruik om vaardighede in die gemeenskap te ontwikkel Weens die uniekheid van die 2010 FIFA Wêreldbekergeleentheid, het die aanvraag die teikens wat aanvanklik gestel is, oorskry.</p> <p>Getal vrywilligers opgelei in voorbereiding vir 2010 Weens die uniekheid van die 2010 FIFA Wêreldbekergeleentheid, het die aanvraag die teikens wat aanvanklik gestel is, oorskry.</p> <p>Getal gemeenskapsklinieke wat ambassadeurs gebruik Weens die uniekheid van die 2010 FIFA Wêreldbekergeleentheid, het die aanvraag die teikens wat aanvanklik gestel is, oorskry.</p>			

3

PROVINSIALE TESOURIE

Finansiële Jaarstate

vir

Wes-Kaap: Departement van Kultuursake en Sport
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Verslag van die Ouditkomitee

Ons lê graag ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2011 voor.

Ouditkomiteelede en Bywoning

Ooreenkomstig Kabinetsbesluit 55/2007, word die Departement van Kultuursake en Sport deur die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en moet ingevolge sy goedgekeurde opdrag minstens vier keer per jaar vergader. Gedurende die huidige jaar is ses vergaderings gehou.

Naam van lid	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. R Kingwill (Voorsitter)	6
Mnr. Z Hoosain	6
Me. A Jones	6
Adv. M Mdludlu	6
Mnr. L van der Merwe	6

Verskoning is gemaak en aanvaar vir vergaderings nie bygewoon nie. 'n Kworum van lede was by al die vergaderings teenwoordig.

Ouditkomitee se Verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel **38(1)(a) van die WOFB** en **Tesourieregulasie 3.1**. nagekom het.

Die Ouditkomitee rapporteer ook dat hy die toepaslike formele opdrag as sy Ouditkomitee-handves aanvaar het, soos goedgekeur deur die Kabinet op 9 Februarie 2011, en dat hy sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, vervul het.

Die Effektiviteit van Interne Beheer

Ooreenkomstig die vereistes van die WOFB en die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur, gee die Interne Oudit die Ouditkomitee en bestuur die versekering dat die interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word gedoen deur middel van 'n

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

risikogebaseerde Ouditplan, Interne Oudit se assessering van die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's verminder en die Ouditkomitee se monitering van implementering van die bestuur se regstellende stappe.

Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika nagegaan. Afgesien van die sake wat in die Ouditeur-generaal se Oudit en Bestuursverslae weergegee word en die sake wat hieronder beklemtoon word, is geen wesentliche tekortkominge in die stelsel van interne beheer gevind nie.

- **Nakoming van Wette en Regulasies**

Ons het die nie-nakoming van wette en regulasies met betrekking tot voorsieningskettlingbestuur aangeteken. Ongeag die verskille in die regsuitleg van die status van Praktyknotas, het die komitee die bestuur aangeraai om die Praktyknotas te implementeer.

- **Inligtingstegnologie**

Die Ouditkomitee het voorheen verslag gedoen oor die beperkte vordering wat gemaak is met implementering van die rekruteringstrategie om aandag te gee aan die IT-verwante risiko's wat die Provinsie in die gesig staar. Ons is bemoedig deur die vordering in dié verband en gaan voort om vordering teen ooreengekome stappe te monitor.

- **Die gehalte van In-jaar Bestuurs- en Kwartaalverslae ingedien ooreenkomstig die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste.**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae in die oorsigjaar wat deur die Rekeningpligtige Beampte van die Departement opgestel en uitgereik is.

- **Ondernemingsrisikobestuur**

Verdere vordering is gemaak met implementering van die Ondernemingsrisikobestuur- (ORB) metodologie en identifisering van die kernrisiko's en versagtende beheermaatreëls wat deur die Departement geïmplementeer is. Die Ouditkomitee het voortgegaan om vordering op 'n kwartaallikse basis te hersien.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Evaluering van Finansiële State

Die Ouditkomitee het:

- die Finansiële Jaarstate wat by die Jaarverslag ingesluit sal word, met die Ouditeur-generaal en die Rekeningpligtige Beampte hersien en bespreek;
- die Ouditeur-generaal se Bestuursverslag en die bestuur se reaksie daarop hersien;
- wysigings aan Rekeningpligtige beleide en praktyke hersien soos in die Finansiële Jaarstate bespreek;
- die Departement se prosesse vir die nakoming van regs- en regulatoriese bepalings hersien;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte hersien soos in die Jaarverslag bespreek; en
- beduidende aanpassings voortspruitend uit die audit hersien.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-generaal se mening oor die Finansiële Jaarstate, en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees word.

Interne Oudit

In die vorige jaar het die Ouditkomitee gerapporteer dat die Gedeelde Interne Ouditeenheid uitdagings ervaar het rakende bevoegdheid en veranderingsbestuur, wat 'n impak gehad het op sy vermoë om sy plan te behaal. In die huidige tydperk het die Ouditkomitee, binne die konteks van beperkte hulpbronne, ingestem tot 'n hersiene dekkingsplan wat op 'n kwartaallikse grondslag gemoniteer is.

Die Ouditkomitee is steeds bekommerd dat verdere ouditdekking nodig is en dat daar 'n behoefte is aan bykomende vermoë om die verhoogde dekking van risiko te ondersteun.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**


**VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste aangeleenthede is wat uit die regulatoriese audit voortvloei nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings voortvloeiend uit die huidige regulatoriese audit sal op 'n kwartaalike grondslag deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

Waardering

Die Ouditkomitee spreek graag sy waardering uit teenoor die Beamptes van die Departement, die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika en die Interne Ouditeenheid vir die samewerking en inligting wat hulle gegee het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.



Mnr. R Kingwill

Voorsitter van die Maatskaplike Kluster Ouditkomitee

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Verlag van die Rekeningpligtige Beampte

Verlag deur die Rekeningpligtige Beampte aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika

1. Algemene oorsig oor die stand van finansiële sake

1.1 Beleidsbesluite en strategiese aangeleenthede

Die Departement se begroting is as gevolg van die nasionale begrotingstekort met R27.5 miljoen verminder. Die Departement moes gevolglik herprioritiseer en 'n meer geïntegreerde benadering inslaan – die uitwerking hiervan is duidelik te sien in Aantekening 4: Goedere en Dienste.

Belangrike bestedingsbesluite wat die Departement vir die oorsigtydperk beïnvloed, is soos volg:

Die Departement maak in 'n groot mate staat op die fondse wat deur die Verdeling van Inkomste (WVI) -toekenning ontvang word vir die lewering van sy dienste. Die Departement het 'n toewysing van R90,170 miljoen van Nasionale Tesourie ontvang vir voorwaardelike toekennings, ingedeel in R40,532 miljoen vir die Massasport en Ontspanning-deelnameprogram en R49,638 miljoen vir Biblioteekdienste. Dié bedrag het 31% van ons begroting uitgemaak.

1.2 Beduidende gebeure

Die aanbieding van die FIFA-wêreldbeker was die belangrikste gebeurtenis waaraan die Departement in die oorsigjaar deelgeneem het. Deur hierdie globale gebeurtenis is baie ondersteunende projekte deur die Departement aangebied. Hieronder was internasionale afrigtingsklinieke ("Sterre-in-hul-oë"), 2010-*Fanjols*, die Straatvoetbalprogram, die My-Skool-2010-projek en Sokkerambassadeurs.

Ander betekenisvolle gebeure het die volgende ingesluit:

- *Discovery Big Walk*
- *Argus Fietstoer*
- 2010-Kuns-, Kultuur-, Museum-, Erfenis-, Biblioteek- en Argieftoekennings
- Wes-Kaapse Sporttoekennings
- Sportlegendes-toekennings
- Bekendstelling van die MGO-Sentrumprogram

1.3 Belangrike Projekte

Die Departement het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot kultuurtoerisme en kuns-en-kultuurfeesdae deur by te dra tot gebeure soos:

- Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK)
- Die Suidoosterfees

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

- Die Kaapstad Karnival
- Geleentheid wat verband hou met die Klopse, Kersfeeskore en Maleierkore.

Daarbenewens was die Departement by onderstaande belangrike projekte betrokke:

- Ondersteuning aan 107 sportorganisasies in die Westelike Provinsie, Boland, Suid-Westelike Distrikte en Weskusstreke.
- Ondersteuning aan 78 kultuurorganisasies in die genres van dans, musiek, skone kunste, drama en letterkunde.
- Voortgesette ondersteuning van die suksesvolle Wes-Kaapse Sportskool, wat 289 leerders het en al vele medaljewenners opgelewer het.
- Ondersteuning verleen aan 336 biblioteeksentrums om 'n kultuur van lees en leer te bevorder.

1.4 Bestedingstendense

Die Departement se oorspronklike begroting van R289,241 miljoen is tydens die aansuiweringsbegrotingsproses met R5,463 miljoen vermeerder, soos volg:

- R2,616 miljoen vir verbetering van diensvoorwaardes
- R3 miljoen oorgedra van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
- R2 miljoen vir die Kaapse Klopse Karnaval en
- R0,252 miljoen vir inkomste oor invordering in die 2009/10-finansiële jaar.

Die Departement het egter R2,405 miljoen na Begrotingspos 3: Provinsiale Tesourie geskuif vir korporatisering.

Die Departement het inkomste hoofsaaklik uit onderstaande bronne ontvang:

- verlore biblioteekboeke en boetes
- huurgeld ontvang vir die restaurant by die Worcester Museum nadat dit in 2003 'n provinsiale museum geword het
- verkoop van publikasies
- verkoop van afvalmateriaal soos papier

2. Diens deur die Departement gelewer

'n Lys van dienste gelewer word in Deel 2 van die Jaarverslag bespreek.

2.1 Tariefbeleid

Alle tariewe word weergegee in 'n tariefregister wat jaarliks hersien word.

2.2 Gratis dienste

Alle dienste van die Departement is gratis aan die publiek.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

2.1 Inventarisse

Die inventarisse word weergegee as 'n aantekening in Bylae 5 by die finansiële state.

3. Kapasiteitbeperkings

Onbefondsde mandate

Die Provinsiale Biblioteekdiens Ordonnansie, wat op 9 Oktober 1981 in werking getree het, tesame met die Regulasie rakende 'n Gratis Provinsiale Biblioteekdiens (Regulasie 689 van 1980), is die enigste twee stukke wetgewing wat steeds die werksuitsette van biblioteke as 'n funksie reguleer.

Die oogmerk van die Ordonnansie is om die wet rakende die voorsiening van gratis biblioteekfasiliteite te konsolideer en te wysig en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Die administrasie van hierdie Ordonnansie in sy geheel is met ingang 1994, kragtens Proklamasie 115 van 1994, gepubliseer in *Staatskoerant* 15813 van 17 Junie 1994, aan die Provinsie Wes-Kaap toegewys.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), bepaal egter dat alle biblioteke, uitsluitend nasionale biblioteke, die eksklusiewe wetgewende bevoegdheid van die provinsies is. Die siening van munisipaliteite is dat hulle geen verdere finansiële verantwoordelikheid vir die lewering van biblioteekdienste het nie. Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), maak ook nie voorsiening vir openbare biblioteke en hulle finansiering deur munisipaliteite nie. Ten einde die aangeleentheid van 'n onbefondsde mandaat te hanteer, is die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Gemeenskapsbiblioteek- en Inligtingsdienste aangekondig en dit word tans hersien.

Ten einde hierdie aangeleentheid op te los, het die Departement 'n bespreking met provinsies gefasiliteer en 'n dokument opgestel oor die provinsialisering van die biblioteekdiens. Hierdie dokument is aan die Provinsiale Tesourie voorgelê vir bespreking met die Nasionale Tesourie in die nuwe finansiële jaar.

Mensekapitaal

Personeelomsettendense het oor die afgelope drie jaar gedaal tot 'n vlak waar die oordrag van vaardighede en kennis in die Departement nie negatief geraak word nie. Weens korporatisering van bepaalde ondersteuningsfunksies van die Departement, as gevolg van die modernisering van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, is personeel wat hierdeur geraak is, in ooreenstemming met hulle funksies na die Korporatiewe Dienstesentrum oorgeplaas. Die oorpasing van personeel het ook twee Senior Bestuursdiens- (SBD) werknemers, naamlik die

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Direkteur: Menslike Hulpbronbestuur en Algemene Ondersteuningsdienste, sowel as die Hoofdirekteur: Korporatiewe Dienste ingesluit, aangesien hierdie poste deur die korporatiseringsproses afgeskaf is.

Met goedkeuring van die nuwe makrostruktuur van die Departement, is vier bykomende Senior Bestuursdiensposte geskep. Van hierdie poste is drie op 'n permanente grondslag gevul, terwyl een deur sekondering van die Korporatiewe Dienstesentrum gevul is. Hierdie skuiwe het die doeltreffendheid, spesifiek van die Hoofdirektoraat: Sport en Ontspanning, verhoog omdat die bestuurskomponent van hierdie komponent van een SBD-pos tot drie SBD-poste verhoog is.

4. Benutting van skenkerfondse

Geen skenkerfondse is vir die 2010/11-finansiële jaar ontvang nie.

5. Openbare entiteite

5.1 Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK)

Die WKKK is ooreenkomstig die *Wet op die WKKK en Rade*, 1998 (Wet 4 van 1998) ingestel. Ingevolge artikel 47(1) van die *Wet op Openbare Finansiële Bestuur*, 1999 (Wet 1 van 1999, soos gewysig deur Wet 29 van 1999) (WOFB), het die Minister van Finansies met ingang 1 Junie 2001 die WKKK as 'n skedule 3C provinsiale openbare entiteit gelys. Oordragbetalings ten bedrae van R100 000 is ooreenkomstig die MTER-toewysing aan die WKKK gedoen, en dit moes artikel 38(1)(j) van die WOFB nakom.

5.2 Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK)

Die WKTK is ooreenkomstig die *Wet op Wes-Kaapse Tale*, 1998 (Wet 13 van 1998) ingestel. Ingevolge artikel 47(1) van die *Wet op Openbare Finansiële Bestuur*, 1999 (Wet 1 van 1999, soos gewysig deur Wet 29 van 1999) (WOFB), het die Minister van Finansies met ingang 1 Junie 2001 die WKTK as 'n skedule 3C provinsiale openbare entiteit gelys. Die oogmerk van die Taalkomitee is om te verseker dat al drie amptelike tale van die Wes-Kaap gelyke status geniet en dat die voorheen gemarginaliseerde tale van die Wes-Kaap aktief bevorder word. Oordragbetalings ten bedrae van R150 000 is ingevolge die MTER-toewysing aan die WKTK gedoen en dit moes voldoen aan Artikel 38(1)(j) van die WOFB.

5.3 Erfenis Wes-Kaap (EWK)

Erfenis Wes-Kaap is in 2002 ingestel ingevolge die regulasies wat in Januarie 2003 deur die Minister gepromulgeer is met die aanstelling van sy Raad. Die organisasie se bestaan en mandaat is gebaseer op die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne* (Wet 25 van 1999) en regulasies van dieselfde wetgewing. Sy kernmandaat is om kultuurerfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, beskerm en bewaar, soos deur bogenoemde wetgewing bepaal. In die uitvoering van sy bedrywighede sal dit met nasionale en plaaslike regering skakel.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Oordragbetalings ten bedrae van R400 000 is aan EWK gedoen en dit moes voldoen aan Artikel 38(1)(j) van die WOFB.

6. 6. Organisasies aan wie oordragbetalings gedoen is

In Deel 2 van die Jaarverslag volg die lys entiteite aan wie oordragbetalings gedoen is, asook die doel van die oordragbetalings.

7. 7. Openbare-private vennootskappe (OPV)

Geen OPV-ooreenkomste is in die 2010/11-finansiële jaar gesluit nie.

8. Reëlings ten opsigte van Korporatiewe beheer

Die Departement het 'n aktiewe Bedrog- en Risikobestuurskomitee waarin al die senior bestuurders van die Departement verteenwoordig word. Daar is 'n Bedrogvoorkomingsplan, asook die Bedrogvoorkomingsbeleid en Gedragskode. Die aktiwiteite van die Departement word deeglik deur die Gedeelde Ouditkomitee van die Provinsie ondersoek. Die komitee het die interne auditplan vir die huidige finansiële jaar goedgekeur. Die Finansiële Jaarstate is op die gewysigde kontantbasis van rekeningkunde opgestel soos bepaal deur die Nasionale Tesourie. Die Departement het beleid en prosedures ingestel om die Reken Beampte te help om aan Artikels 38, 39 en 40 van die WOFB te voldoen.

9. Gestaaakte aktiwiteite/aktiwiteite wat gestaak moes word

Geen aktiwiteite is in die huidige finansiële jaar gestaak nie.

10. Nuwe/voorgestelde aktiwiteite

Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Gemeenskapsbiblioteek en Inligtingsdiens was in die oorsigjaar steeds onder bespreking. Werksessies oor die wetsontwerp is by verskeie forums gehou en raadpleging sal in die volgende finansiële jaar voortduur.

Die impasse oor die openbare biblioteekbefondsing bly steeds 'n uitdaging met betrekking tot die verskaffing van openbare biblioteekdienste. Gedurende die 2010/11-finansiële jaar is 'n voorstel vir die oplossing van die onbefondsde mandaat in die Provinsiale en Nasionale Tesourie ter tafel gelê. Die uitkoms was 'n deurbraak-aankondiging op 1 Maart 2011 deur die Provinsiale Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, rakende 'n finansiële bystandshydrae aan kwesbare munisipaliteite wat in die 2011/12-finansiële jaar gedoen sal word.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Gedurende die oorsigjaar is Massageleentheid- en Toegang-Ontwikkelingsentrums as 'n loodsprojek vir skoolgaande leerders bekendgestel. Die oogmerk is om hulle na normale skoolure met sport en kultuurverwante aktiwiteite besig te hou. Daar is tans 98 sodanige sentrums in die provinsie. Die projek, wat nog in die grondslagfase is, het verskeie positiewe byvoordele getoon. Die konsep sal verder verfyn word om die leemte in die holistiese ontwikkeling van die skoolgaande kind in die ure na skool te vul.

11. Batebestuur

Strepieskodes is op al die Departement se bates aangebring en hulle is op LOGIS gelaai. 'n Batebestuursbeleid is opgestel en batekontroleurs is aangestel om die behoorlike bestuur van bates te verseker. 'n Voorraadopname van bates is gedurende die oorsigtydperk gedoen.

Vir die volgende verslagjaar (2011/12), sal biblioteekmateriaal as kleiner bates erken en openbaar gemaak word. Die Departement is tans besig om die vereiste van die Nasionale Tesourie om biblioteekmateriaal as kleiner bates in berekening te bring, te implementeer.

12. Gebeure na die verslagdatum

Geen.

13. Prestasie-inligting

Prestasie-inligting word in Deel 2 van die Jaarverslag bespreek.

14. SKOOR se besluite

Geen besluite is vir die Departement afgekondig nie.

15. Ander

Die Departement van Kultuursake en Sport het 'n omkeerstrategie ontwikkel om aandag te gee aan onderstaande sake wat deur die Ouditeur-generaal in die 2009/10-finansiële jaar genoem is:

- Nie-nakoming van toepaslike wetgewing – Betaling van opgeloopte bedrae binne die voorgeskrewe 30 dae na ontvangs van faktuur.
- Bestuur van nie-finansiële inligting.

Die Departement van Kultuursake en Sport het geen fondse aan 2010 FIFA Wêreldbekerkaartjies bestee nie.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Verklaring

Gegewe die algemene strekking van die bevindings ten opsigte van interne beheermaatreëls en aangeleenthede verwant aan nie-nakoming, word die versekering gegee dat die Departement 'n plan van aksie sal ontwikkel, wat deur die Rekenpligtige Beampte en sy topbestuur goedgekeur en na die Provinsiale Tesourie gestuur is, om stelselmatig hieraan aandag te skenk om 'n herhaling van soortgelyke bevindings in die volgende ouditsiklus te voorkom.

Goedkeuring

Die Finansiële Jaarstate, wat op bladsy 72 tot 129 uiteengesit is, is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



**Mnr. BC Walters
Rekenpligtige Beampte
29 Julie 2010**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT
OOR BEGROTINGSPOS NO. 13: DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Inleiding

1. Ek het 'n oudit verrig van bygaande finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, bestaande uit die aanwendingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2011, en die staat van finansiële prestasie, staat van verandering in netto bates en kontantvloeistaat vir die jaar wat toe geëindig het, en 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleidsrigtings en ander verduidelikende inligting soos op bladsy 72 tot 117 uiteengesit.

Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die opstel van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Departementele Finansiële Verslagdoeningraamwerk en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) (WOFB), en vir sodanige interne beheer as wat die Bestuur nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, ongeag of dit die gevolg van bedrog of foute is.

Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid

3. Soos vereis deur artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No 108 van 1996) en artikel 4 van die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet No 25 van 2004) (WOO) en artikel 40(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No 1 van 1999), is dit my verantwoordelikheid om, op grond van my oudit, 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.
4. Ek het my oudit verrig in ooreenstemming met die Internasionale Standaard oor Ouditering en Algemene Kennisgewing 1111 van 2010 afgekondig in *Staatskoerant* 33872 van 15 Desember 2010. Daardie standaard vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en verrig ten einde redelike sekerheid te kry of die finansiële state vry van wesenlike wanvoorstelling is.
5. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state te kry. Die prosedures wat gekies word, hang van die ouditeur se oordeel af, insluitende die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, as gevolg van bedrog of foute. Wanneer daardie risiko-beoordelings gedoen word, oorweeg die ouditeur interne beheer rakende die entiteit se opstelling en billike aanbieding van die finansiële state ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit behels ook 'n evaluering van die geskiktheid van Rekeningpligtige beleide wat gebruik is en die redelikheid van Rekeningpligtige ramings deur die bestuur, asook evaluering van die algemene aanbieding van die finansiële state.
6. Ek is van mening dat die ouditbewyse wat ek verkry het, toereikend en geskik is om 'n grondslag vir my ouditmening te bied.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Mening

7. Na my mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die Departement van Kultuursake en Sport soos op 31 Maart 2011, en sy finansiële prestasie en sy kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Departementele Finansiële Verslagdoeningsraamwerk en die vereistes van die WOFB.

Bykomende aangeleenthede

8. Ek vestig die aandag op die aangeleenthede hieronder. My mening het nie verander oor hierdie sake nie.

Ongeouditeerde Aanvullende Skedules

9. Die aanvullende inligting op bladsy 118 tot 129 uiteengesit, maak nie deel van die finansiële state uit nie en word as bykomende inligting aangebied. Ek het hierdie skedules nie geudit nie en gevolglik spreek ek nie 'n mening daaroor uit nie.

Finansiële Verslagdoeningsraamwerk

10. Die finansiële verslagdoeningsraamwerk wat deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf en deur die Departement toegepas word, is 'n voldoeningsraamwerk. My mening sou dus weergegee het dat die finansiële state behoorlik opgestel is, in plaas van billik aangebied soos vereis deur artikel 20(2)(a) van die WOO, wat vereis dat ek 'n mening uitspreek oor die billike aanbieding van die finansiële state van die Departement.

VERSLAG OOR ANDER REGS- EN REGULERINGSVEREISTES

11. Ingevolge die Wet op Openbare Oudit en *Algemene Kennisgewing* 1111 van 2010, afgekondig in *Staatskoerant* No. 33872 van 15 Desember 2010, sluit ek hieronder my bevindings in oor die jaarlikse prestasieverslag soos uiteengesit op bladsy 10 tot 58 en wesenlike nie-nakoming van wette en regulasies wat op die Departement van toepassing is.

Voorafbepaalde doelwitte

12. Daar is geen wesenlike bevindings oor die jaarlikse prestasieverslag nie.

Nakoming van wette en regulasies

Verkryging en Kontrakbestuur

13. Toekennings is aan verskaffers gemaak wat nie verklarings ingedien het oor of hulle in diens van die Staat is of verbind is aan enige persoon in diens van die Staat nie, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A8.3 en Praktyknota 7 van 2009/10.

VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011

INTERNE BEHEER

14. In ooreenstemming met die WOO en ooreenkomstig *Algemene Kennisgewing* 1111 van 2010 afgekondig in *Staatskoerant* 33872 van 15 Desember 2010, het ek interne beheer rakende my audit oorweeg, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van interne beheer uit te spreek nie. Die sake waaroor hieronder verslag gedoen word, is beperk tot beduidende tekortkominge wat gelei het tot die bevindings bevat in hierdie verslag oor nakoming van wette en regulasies.

Finansiële en prestasiebestuur

15. Die Bestuur het nie toereikende beheermaatreëls ontwerp om die risiko van nie-nakoming van voorsieningskettingsbestuursregulasies te verminder nie.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2011



AUDITOR - GENERAL
SOUTH AFRICA

Auditing to build public confidence

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Bewilliging per program									
2010/11								2009/10	
AANWENDINGSTAAT	Aangesuiwerde bewilliging	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale bewilliging	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale bewilliging	Finale bewilliging	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
1. Administrasie									
Lopende betaling	,250	(930)	2,129	35,449	35,424	25	99.9%	37,661	37,594
Oordragte en subsidies	100	-	(100)	-	-	-	0.0%	3,493	3,487
Betaling vir kapitaalbates	7	930	593	1,530	1,528	2	99.9%	625	611
Betaling vir finansiële bates	-	-	56	56	56	-	100.0%	-	-
2. Kultuursake									
Lopende betaling	47,829	-	(1,016)	46,813	46,723	90	99.8%	45,794	45,731
Oordragte en subsidies	12,126	-	586	12,712	12,712	-	100.0%	12,840	12,834
Betaling vir kapitaalbates	146	-	(49)	97	73	24	75.3%	113	107
Betaling vir finansiële bates	-	-	25	25	25	-	100.0%	-	-
3. Biblioteek & argiefdienste									
Lopende betaling	76,021	248	(741)	75,528	75,235	293	99.6%	82,772	82,755
Oordragte en subsidies	42,999	37	-	43,036	43,003	33	99.9%	31,889	31,888
Betaling vir kapitaalbates	1,007	(285)	-	722	716	6	99.2%	1,155	1,152
Betaling vir finansiële bates	-	-	6	6	6	-	100.0%	-	-
4. Sport en Ontspanning									
Lopende betaling	61,912	767	(2,423)	60,256	60,133	123	99.8%	63,894	63,720
Oordragte en subsidies	15,905	-	960	16,865	16,865	-	100.0%	18,039	18,038
Betaling vir kapitaalbates	2,402	(767)	(110)	1,525	1,440	85	94.4%	3,821	3,813

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Betaling vir finansiële bates	-	-	84	84	84	-	100.0%	-	-
Subtotaal	294,704	-	-	294,704	294,023	681	99.8%	302,096	301,730
Statutêre bewilliging									
Lopende betaling									
Oordragte en subsidies									
Betaling vir kapitaalbates									
TOTAAL	294,704	-	-	294,704	294,023	681	99.8%	302,096	301,730
Rekonsiliasie met staat van finansiële prestasie									
TEL BY									
Departementele ontvangste				635				482	
Regstreekse Skatkisontvangste				-					
Hulpbystand				-					
Werklike bedrae volgens staat van finansiële prestasie (totale inkomste)				295,339				302,578	
TEL BY									
Hulpbystand						-			-
Restreekse Skatkisbetalings						-			-
Vorige jaar se ongemagtigde uitgawes sonder befondsing goedgekeur						-			-
Werklike bedrae volgens staat van finansiële prestasie (totale inkomste)					294,023				301,730

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Bewilling per ekonomiese klassifisering									
2010/11								2009/10	
	Aangesuiwer de bewilling	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale bewilling	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale bewilling	Finale bewilling	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	122,681	(227)	(4,014)	118,440	118,190	250	99.8%	111,478	111,298
Goedere en dienste	97,331	312	1,963	99,606	99,325	281	99.7%	118,455	118,316
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Oordragte en subsidies									
Provinsies en munisipaliteite	45,405	-	-	45,405	45,405	-	100.0%	35,452	35,452
Departementele agentskappe en rekenings	885	-	(100)	785	785	-	100.0%	2,263	2,263
Instellings sonder winsoogmerk	24,804	-	555	25,359	25,359	-	100.0%	27,028	27,021
Huishoudings	36	37	991	1,064	1,031	33	96.9%	1,518	1,511
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	3,562	(122)	390	3,830	3,713	117	96.9%	5,694	5,663
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	44	44	44	-	100.0%	20	20
Betaling vir finansiële bates	-	-	171	171	171	-	100.0%	188	186
TOTAAL	294,704	-	-	294,704	294,023	681	99.8%	302,096	301,730

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Besonderhede per subprogram: Program 1 Administrasie	2010/11							2009/10	
	Aangesuiwer- de bewilliging	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale bewilliging	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale bewilliging	Finale bewilliging	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
1.1 Kantoor van die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning									
Lopende betaling	4,710	(223)	929	5,416	5,412	4	99.9%	5,892	5,846
Oordragte en subsidies					-	-	0.0%	789	788
Betaling vir kapitaalbates					-	-	0.0%	62	62
Betaling vir finansiële bates	-	-	35	35	35	-	100.0%	-	-
1.2 Korporatiewe Dienste									
Lopende betaling	22,370	(930)	1,513	22,953	22,938	15	99.9%	23,725	23,719
Oordragte en subsidies	100	-	(100)	-	-	-	0.0%	390	389
Betaling vir kapitaalbates	7	930	550	1,487	1,485	2	99.9%	563	549
Betaling vir finansiële bates	-	-	11	11	11	-	100.0%	-	-
1.3 Bestuursdienste									
Lopende betaling	7,170	223	(313)	7,080	7,074	6	99.9%	8,044	8,029
Oordragte en subsidies					-	-	0.0%	2,314	2,310
Betaling vir kapitaalbates	-	-	43	43	43	-	100.0%	-	-
Betaling vir finansiële bates	-	-	10	10	10	-	100.0%	-	-

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

Totaal	34,357	-	2,678	37,035	37,008	27	99.9%	41,779	41,692
---------------	---------------	----------	--------------	---------------	---------------	-----------	--------------	---------------	---------------

Program 1 per ekonomiese klassifisering Administrasie	2010/11							2009/10	
	Aangesuiwerde bewilliging	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale bewilliging	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale bewilliging	Finale bewilliging	Werklike uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	26,794	-	(743)	26,051	26,030	21	99.9%	26,655	26,655
Goedere en dienste	7,456	(930)	2,872	9,398	9,394	4	100.0%	10,905	10,839
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Oordragte en subsidies									
Departementele agentskappe en rekenings	100	-	(100)	-	-	-	0.0%	380	380
Instellings sonder winsoogmerk								2,250	2,246
Huishoudings								863	861
Betaling vir kapitaalbates									
Masjinerie en toerusting	7	930	580	1,517	1,515	2	99.9%	618	604
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	13	13	13	-	100.0%	7	7
Betaling vir finansiële bates	-	-	56	56	56	-	100.0%	101	100
Totaal	34,357	-	2,678	37,035	37,008	27	99.9%	41,779	41,692

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANWENDINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

2010/11								2009/10		
Besonderhede subprogram: Kultuursake	per Program 2:	Aangesuiwerde bewilliging	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale bewilliging	Werklike uitgawes	Afwyking	Uitgawes as % van finale bewilliging	Finale bewilliging	Werklike uitgawes
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
2.1 Bestuur										
